| 1. Administrasie | 4. Vervoerbedrywighede | 8 904 | Data Hub. |
| 2. Openbarewerke-infrastruktur | 3. Vervoerinfrastruktuur | 8 882 | Versnelde paaie infrastruktuur lewering. |
| | 4. Vervoerbedrywighede | 1 673 | Data Hub. |
| | 5. Vervoerregulering | 37 983 | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |
| | 6. Gemeenskapsgebaseerde Programme | 2 093 | Opleiding en ontwikkeling van leerders van UOWP-vaardighede. |
| | | 112 | Rekenaar toerusting. |
| 3. Vervoerinfrastruktur | 1. Administrasie | 4 297 | COE herbelyning. |
| | 2. Openbarewerke-infrastruktur | 500 | COE herbelyning. |
| | 4. Vervoerbedrywighede | 856 | COE herbelyning. |
| | 5. Vervoerregulering | 614 | COE herbelyning. |
| | | 107 | Verkeersbeamptes se verlofgeld. |
| 6. Gemeenskapsgebaseerde Programme | 5. Vervoerregulering | 1 933 | COE herbelyning. |

Oorgedraagde fondse

Tabel 5 verskaf besonderhede oor versoek vir die oordra van fondse vanaf 2017/18 tot 2018/19.

Tabel 5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2017/18 tot 2018/19

| Programme | R'000 | Doel |
|--|---------------|---|
| Program 2: Openbarewerke-infrastruktur | 4 700 | Om agt Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kinder- en jeugsorgsentrums (KJSS) en tien fasilitete vir bevel- en beheerkantore van die Wes-Kaapse Regering te beveilig ingevolge die kontinuïteitsplan vir waterondernemings. |
| | 5 683 | Om die konstruksie van die slaapsaal in die Kinder- en Jeugsorgsentrum, Clanwilliam, te finaliseer. |
| | 3 388 | Om voorsiening te maak vir alternatiewe meganismes vir die lewering van infrastruktuur vir Gesondheids- en Onderwysinfrastruktuur. |
| | 4 000 | Om voorsiening te maak vir verhoogde eiendomsbelastingstariewe. |
| Program 3: Vervoerinfrastruktur | 6 048 | Om voorsiening te maak vir finansiële bystand aan die Swartland Munisipaliteit vir 'n brugprojek in Malmesbury. |
| Totaal | 23 819 | |

4.5 Behoud van inkomste

Tabel 6 verskaf details oor inkomste wat van 2017/18 tot 2018/19 behou is.

Tabel 6: Inkomste behou van 2017/18 tot 2018/19

| Program | R'000 | Doel |
|---|---------------|--|
| Program 1: Administrasie | 1 000 | Om die dienste van 'n bourekenaar te bekom om 'n biblioteek met boubestekke en hoeveelhede vir die Departement se konstruksiekontrakte te bou. |
| Program 2: Openbarewerke-infrastruktur | 12 500 | Om voorsiening te maak vir geskeduleerde instandhouding by algemene provinsiale geboue. |
| | 3 160 | Om voorsiening te maak vir verlofgeld (R0.660 m), regskostes (R1.5 m) en masjinerie en toerusting vir nuwe personeel (R1 m). |
| Program 3: Vervoer-infrastruktur | 3 781 | Om deur die Tuinroete Distriksmunisipaliteit gebruik te word in reaksie op die brandskade by Knysna gedurende Junie 2017. |
| Program 4: Vervoerbedrywe | 9 000 | Om voorsiening te maak vir die verdere ontwikkeling van die Integrated Transport Hub wat die effektiwiteit, doeltreffendheid en verslagdoeningsvermoë verbeter deur die vernuwende gebruik van inligting. |
| | 3 666 | Vir die beskerming en regstellende ingryping van die Glencairn-spoorweginfrastruktuur. |
| Program 5: Vervoerregulering | 445 | Om voorsiening te maak vir verlofgeld (R0.219 m), eise teen die staat (R0.048 m), voertuigongelukke (R0.172 m) en intekengeld (R0.006 m). |
| | 3 038 | Om voorsiening te maak vir asemhalingsstoetse en -toerusting. |
| | 5 282 | Om voorsiening te maak vir tegnologie in die voertuie van verkeersbeamptes (R3.617 m), skolierpatrollie-uniforms (R0.604 m) as deel van die Veiligheidsprogram van die Departement, weggoibare asemhalingsstoetse (R0.161 m) en vir die ontwikkeling van die bedryfstelsel vir regsadministrasie (R0,9 m). |
| | 30 000 | Word gebruik vir verhoogde agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite ten opsigte van die invordering van motorlisensiegelde. |
| Totaal | 71 872 | |

4.6 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwestende uitgawes

Die redes vir ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwestende uitgawes wat in 2018/19 geïdentifiseer is, die bedrae betrokke en stappe wat geneem is om herhaling te voorkom, word hieronder uiteengesit.

Ongemagtigde uitgawes

| Lêernommer | Beskrywing | Bedrag | Korrektiewe stappe |
|------------|------------|--------|--------------------|
| - | - | Nul | - |

Vrugtelose en verkwestende uitgawes

| Lêernommer | Beskrywing | Bedrag | Korrektiewe stappe |
|------------|------------|--------|--------------------|
| - | - | Nul | - |

Onreëlmatige uitgawes

Die tabel hieronder wys die nuwe sake wat in 2018/19 na vore gekom het.

| Lêernommer | Beskrywing | Bedrag | Korrektiewe stappe |
|----------------|---|-------------|---|
| FC 3/6/1/4/152 | Nie-nakoming van Finansiële Instruksie – oorskryding van goedgekeurde beperkings. | R 640.00 | Verwys na Arbeidsverhoudinge om fugstappe in te stel. |
| FC 3/6/1/4/153 | Nie-nakoming van die voorkeurverkrygingstelsel en NTI 3 van 2017/18, paragraaf 4.18 | R447 450.00 | Verwys na Arbeidsverhoudinge om fugstappe in te stel. |

4.7 DVOW se toekomsplanne

Die volgende wetgewende en beleidsaangeleenthede sal nagestreef word:

- Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Onroerende Bates en regulasies word opgestel om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Wes-Kaapse Provinciale Padverkeerswet word gewysig om die minister in staat sal stel om regulasies, met inbegrip van skutting, uit te vaardig;
- Wes-Kaapse Wetsontwerp op die Raamwerk van Openbare Vervoer word ontwikkel;
- Hersiene Beleid oor Gemeenskapsdeelname in Infrastruktuurprojekte sal ontwikkel word; en
- 'n Digitale strategie sal ontwikkel word.

Verder sal die DVOW:

- Voortgaan met die implementering van die Masakh'iSizwe Beursprogram;
- Die provinciale batebasis van paaie en bou-infrastruktur sover moontlik gedurende sy lewensiklus beskerm deur te fokus op die hantering van die instandhoudingsagterstand om sodoende voort te gaan om waarde aan die inwoners van die Wes-Kaap te gee;
- Voortgaan met die ontwikkeling van die Meesterakkommodesieplan;
- 'n Geïntegreerde batebestuursbestuurstelsel ontwikkel om batebestuur in die provinsie te verbeter;
- Voortgaan met die implementering van die provinciale program vir volhoubare vervoer wat daarop gemik is om aan mobiliteitsbehoeftes in geprioritiseerde munisipaliteite te voldoen;
- Voortgaan om vernuwing en nuwe tegnologie op die gebied van vervoer, ITIH, sowel as onroerende bates te gebruik om doeltreffendheid te verbeter en om vinnig meer bestuursinligting te versamel; en
- Voortgaan om die interne tegniese kapasiteit en bekwaamheid binne die Departement te bevorder.

Openbare-private-vennootskappe (OPV'e)

OPV'e ondersteun die openbare en private sektore om saam daaraan te werk om infrastruktuur te befonds en te bou. OPV'e word deur Tesourieregulasie 16 en die PFMA gereguleer. Die OPV-projeksklus omvat vier stadiums en goedkeuring vanaf die NT moet in elke stadium verkry word.

| Goedkeuringstadium | Beskrywing |
|--------------------|--|
| TA I | NT-goedkeuring vir die projekuitvoerbaarheidstudie. |
| TA II A | NT-goedkeuring vir die verkrygingsdokumentasie, insluitend die konsep OPV-ooreenkoms |
| TA II B | NT-goedkeuring van die verslag wat wys hoe die drie OPV-kriteria toegepas is in die evaluering van die tenders, hoe die voorkeurtender daaraan voldoen het, en enige ander inligting wat die NT mag verlang. |
| TA III | NT-goedkeuring van die OPV-ooreenkoms wat sertifiseer dat die projek aan al die vereistes van Tesourieregulasie 16 voldoen. |

Let wel: Skedule van NT-goedkeurings vir openbare-private-vennootskappe

| Projek | Stadium van Tesouriegoedkeuring | | | | Opmerking |
|---------------------|---------------------------------|---------|---------|-------|---|
| | TA I | TA II A | TA II B | TAIII | |
| Chapmanspiek-rylaan | | | | X | Chapmanspiek-rylaan word steeds as 'n tolpad bedryf ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999). Die konsessie-ooreenkoms duur tot 2033. |

Eiendomsvennootskappe

In die eiendomsontwikkelingsdomein was die fokus op die benutting van sentraal geleë strategiese bates. Die gebiede van die Founders' Garden/Artscape en Somerset-hospitaal is geïdentifiseer vir residensiële ontwikkeling van gemengde-gebruik.

Die goedgekeurde ontwikkelingsraamwerk, hersonering en die gebiedsplan vir die Founders' Garden het aan die voorwaardes van artikel 136 (4) (11) van die Ontwikkelingsbestuurskema (DMS) voldoen, wat beteken dat die huidige sonering van Algemene Besigheid (GB7) asook verwante afwykings en die goedkeuring van die Raad, lewenslank geldig is. Die konsepsvisie en verskillende scenario's vir grondgebruik word ontwikkel, sodat dit aan die kabinet voorgelê kan word vir ondersteuning op die pad vorentoe.

Die hersoneringsaansoek vir die Somerset-terrein is gedurende Maart 2019 goedgekeur. Twee sake het egter bygedra tot 'n vertraging in die beplanningsproses: die onwettige besetting van die voormalige Helen Bowden Nurses Home-terrein, en die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste (NGLD) se eienaarskapseis ten opsigte van die eiendom. Daar is 'n regsproses aan die gang om die onwettige inwoners te ontruim en/of te hervestig, asook 'n proses om die NGLD-eiendom terug te besorg.

Game-Changer-projek

Die onderstaande tabel bevat 'n hoë-vlak opsomming van die huidige status van die DVOW se game-changer-projek.

| Projek | Opmerking |
|--|--|
| Better Living Model Exemplar Project (BLMEP) - Conradie Game-Changer | Die ooreenkoms oor grondbeskikbaarheid en -ontwikkeling (LADA) vir die Conradie BLMEP is in Oktober 2018 deur alle partye gesluit en onderteken. In Desember 2018 het die WKR besluit om nie van die LADA af te sien nie, en die Stad Kaapstad het besluit om die stedelike nedersettings ontwikkelingstoelae (USDG) se befondsing tot die projek te verbind. Daar is aan al die voorwaardelike presedente van die LADA voldoen, en die eiendom is formeel aan die ontwikkelaar beskikbaar gestel. Die eerste amptelike sooi spitsgeleentheid het op 16 Januarie 2019 plaasgevind. |

4.8 Gestaakte aktiwiteite

Daar is geen gestaakte aktiwiteite om te rapporteer nie.

4.9 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Daar is geen nuwe of voorgestelde aktiwiteite om te rapporteer nie.

4.10 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste)

Geen ongevraagde tenders is in die loop van die oorsigjaar aangegaan nie.

Standaardbedryfsprosedures (SBP'e), sjablone en werktuie is in plek om die risiko van onreëlmatige uitgawes te versag deur die ontwerp en implementering van bespeurende, korrektriewe en voorkomende beheermaatreëls in die RB se VKB-delegasies en ander meegaande delegasies. Die kontrole van goedere en dienste word deurlopend gemoniteer deur voldoendingsbeoordelings.

'n Nuwe verkrygingsmetodologie vir reis en akkommodasie is geïmplementeer as 'n tussentydse maatreël om die verkrygingsproses te stroomlyn tot tyd en wyl die transversale reis- en verblyfbeleid deur die Provinciale Tesourie gefinaliseer word.

'n Nuwe gestandaardiseerde kontrak vir goedere en dienste is ontwikkel en word reeds in die Departement gebruik. Regsdienste oorweeg dit tans vir moontlike toepassing dwarsdeur die hele WKR met goedkeuring deur die Provinciale Tesourie.

Die RB se VKB-delegasies is hersien, sal met die nuwe provinsiale Tesourie instruksies belyn word, en gefinaliseer word vir uitreiking aan die Departement in die 2019/20-boekjaar.

Die vernaamste uitdagings verwant aan VKB sluit in:

- Die dwarsliggende geïntegreerde finansiële bestuurstelsel se ontwikkeling is nog nie afgehandel nie;
- Die gebrek aan 'n funksionele gestandaardiseerde projekbestuurstelsel wat vir die departement gekonfigureer is;
- Die wetgewende raamwerk vir VKB word tans hersien en daar is potensiële risiko's wat met die veranderingsbestuursproses verband hou; en
- Die implementering van die NT se Sentrale Verskafferdatabase (SVD) en sy implikasies vir verskaffers en kontrakteurs.

Hierdie uitdagings wek veral kommer gegewe die feit dat die departement beide voorsieningskanaal- en projekintensief is. Hierdie uitdagings is intussen versag deur:

- Ontwerp van gestandaardiseerde werktuie en sjablone;
- Die gebruik van elektroniese toepassings en dienste;
- Die verdere ontwikkeling in die funksie van 'n gebruikersvriendelike Ondernemingsbestuurstelsel gegrond op die vereistes van die Infrastruktuurleweringsbestuurstelsel (IDMS);
- Hanteer die uitdagings wat met die SVD ervaar word, van geval tot geval.

4.11 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is

Geen geskenke en donasies in natura is van onverwante partye ontvang nie.

4.12 Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun

Die aangepaste kontantstandaarde stel 'n departement vry van die aantekening van oploping in belastinginkomste. By implikasie hoef 'n departement nie enige ontvangbare of betaalbare rekeninge soos rente of ander veranderings wat regstreeks verband hou met die heffing of vordering van belastinginkomste in te reken nie.

4.13 Gebeure na verslagdatum

Op 21 Februarie 2018 het die Minister van Finansies gedurende die 2018/19-begrotingsrede aangekondig dat BTW op belasbare goedere en dienste met ingang van 1 April 2018 van 14 persent tot 15 persent styg. Die BTW styging het 'n impak van R27 miljoen op die Departement se finansiële state hê.

4.14 Ander

Daar was geen gebeure na die verslagdatum nie.

4.15 Erkennings

Op 3 November 2018 het die Departement van Vervoer en Openbare Werke die Sentrum vir Staatsdiensvernuwing (CPSI) se "Innovative use of Information and Communication Technology (ICT) for Effective Service Delivery"-toekenning gewen tydens die 16de jaarlikse prysuitdelingsplegtigheid vir staatsektor-vernuwing in Pretoria. Die toekenning is 'n onafhanklike erkenning van die bydraes wat die ITIH van die Departement lewer om die bestuur van verkeersveiligheid en vervoer in die Wes-Kaap te verbeter.

Provinsiale Minister Donald Grant het langdienstoekennings uitgedeel aan personeellede met 10, 20, 30 en 40 jaar toegewyde diens:

| Kategorieë | 10 jaar | 20 jaar | 30 jaar | 40 jaar | Totaal |
|-------------------|---------|---------|---------|---------|--------|
| Aantal ontvangers | 184 | 30 | 67 | 4 | 285 |

Alhoewel daar toegegee word dat daar altyd ruimte vir verbetering is, het baie personeellede lang ure gewerk en 'n aansienlike poging aangewend om die Departement op sy voortgesette reis na verbetering te ondersteun om wêreldklas diens aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer. Hierdie toewyding word waardeer.

Erkenning en waardering word ook betoon teenoor die provinsiale minister, mnr. Donald Grant, vir sy sterk leierskap en bestuurstoesig gedurende sy ampstermy. Die Departement wens hom sterkte toe met sy toekomstige ondernemings.

Die finansiële jaarstate, soos op bladsye 242 tot 349 uiteengesit, word hiermee goedgekeur.



JT Gooch
Rekenpligtige Beämpte
Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 30 Augustus 2019

5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Dat alle inligting en bedrae wat deurlopend in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.
- Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.
- Dat die jaarverslag in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomsdig die aangepaste kontantstandarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die RB verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Dat die RB daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die finansiële jaarstate en, inlyn met 'n raamwerk vir bestuurstoesig waaroer met die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) in die DvdP ooreengekom is, vir inligting oor Mensehulpbronbestuur (MH).
- Dat die eksterne ouditeure betrek is om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.
- Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëeling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die MH-inligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2019 is.

Die uwe



JT Gooch
Rekenpligtige Beämpte
Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 30 Augustus 2019

6 Strategiese oorsig

6.1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2014 – 2019, ten volle:

“n Opegeleenheid-samelewing vir almal”.

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die Wes-Kaapse Regering:

“Om die pas aan te gee in die aflewering van regeringsinfrastruktuur en verwante dienste”.

6.2 Misie

“Die DVOW lewer infrastruktuur en dienste ter bevordering van sosio-ekonomiese uitkomste en veilige, bemagtigde en verbinde gemeenskappe.”

6.3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die WKR ten volle:



Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. Hier volg 'n verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes:

Tabel 7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag

| Waarde | Verklaring oor gedrag |
|---------------------|---|
| Sorgsaamheid | Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk. Ons sal respek teenoor ander betoon. Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag. Ons sal empatie teenoor personeellede toon. Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon. Ons sal opbouende kritiek lewer wanneer nodig. |
| Bevoegdheid | Ons sal poog om te verseker dat personeellede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef. Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomste en teikens behaal. Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal. Ons sal saam daaraan werk om ons konstitusionele verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom. |

| Waarde | Verklaring oor gedrag |
|-------------------------|---|
| Aanspreeklikheid | <p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daar toe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertroue en gestanddoening van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.</p> |
| Integriteit | <p>Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloof het om te doen.</p> <p>Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korupsie-vry bly.</p> |
| Vernuwing | <p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p>Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind.</p> <p>Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p>Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word.</p> <p>Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.</p> |
| Responsiwiteit | <p>Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onselfs altyd afvra of dit die regte antwoord is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons 'n beter diens kan lewer.</p> <p>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoer te reageer.</p> |

7 Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998). Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikhed van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate, asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleide ontleen is, word in hierde afdeling uiteengesit.

| Funksie | Wetgewing |
|---------|---|
| Vervoer | <p>Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998) (AARTO) Bevorder gehalte van padverkeer deur bepalings neer te lê vir 'n skema om padverkeeroortredings te ontmoedig, om die beregtiging van padverkeeroortredings te faciliteer, om die vervolging van oortreders ingevolge nasionale en provinsiale wette verwant aan padverkeer te ondersteun, om 'n strafpuntstelsel te implementeer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n agentskap om die skema te administreer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n raad om die agentskap te verleenwoordig, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p>Wet op Adverteering Langs Paaie en Strookbebouing, 1940 (Wet 21 van 1940) Plaas die verantwoordelikheid op die DVOW om die vertoon van advertensies te reguleer in sekere buitestedelike gebiede waar hierdie liggings sigbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie asook om die deponering of agterlating van ongebruikte masjinerie of afval en die oprigting, konstruksie of neerlê vanstrukture en ander dinge in die omstreke van sekere geproklameerde provinsiale paaie te beheer sowel as die toegang wat tot sekere grond via sodanige paaie verleen word.</p> <p>National Land Transport Act, 2009 (Wet 5 van 2009) Bepaal die proses vir die transformerend en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat geïnisieer is deur die National Land Transport Transition Act, 2000 (Wet 22 van 2000) deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die formulering en implementering van provinsiale landvervoerbeleid en -strategie; • die beplanning, koördinering en fasilitering van landvervoerfunksies; • samewerking tussen munisipaliteite; en • skakeling met ander regeringsdepartemente. <p>Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) Die DVOW, met die LUR [Provinciale Minister] as aangewese gesaghebber, moet verseker dat alle funksies verwant aan die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, die toetsing van bestuurders se bevoegdheid en die toetsing van voertuie se bevoegdheid uitgevoer word. Voorts is die DVOW ook daarvoor verantwoordelik om enige geleenthede te beheer wat op openbare paaie aangebied word. Die NRTA reguleer die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, vervaardigers, bouers en invoerders; bevoegdheid van bestuurders; operateurbevoegdheid; padveiligheid; padverkeerstekens; spoedgrense; ongelukke en ongelukverslae; roekeloze of nalatige bestuur; onbedagsame bestuur; bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het; en diverse padverkeeroortredings.</p> <p>National Qualifications Framework Act, 2008 (Wet 67 van 2008) Lê bepalings neer vir die verdere ontwikkeling, organisering en beheer van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Van toepassing op: onderrigprogramme of leerprogramme wat lei tot kwalifikasies of gedeeltelike kwalifikasies wat binne die Republiek deur onderwysinstansies aangebied word; en op aanbieders van vaardigheidsontwikkeling.</p> <p>Wet op die Padverkeerbestuurskorporasie, 1999 (Wet 20 van 1999) Lê bepalings, in openbare belang, neer vir koöperatiewe en koördinerende strategiese beplanning, regulering, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeeraangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; reguleer die uitkontraktering van padverkeerdienste; lê bepalings neer vir die infasering van private belegging in padverkeer en, met die oog daarop, lê bepalings neer vir die vestiging van die Padverkeerbestuurskoöperasie en verwante aangeleenthede.</p> |

| Funksie | Wetgewing |
|-----------------------------------|---|
| | <p>Nasionale Padvervoerwet, 1997 (Wet 74 van 1977) Lé bepalings neer vir die beheer van sekere tipes padvervoer en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p>Wes-Kaapse Wet op Provinciale Padverkeeradministrasie, 2012 (Wet 6 van 2012) Reguleer sekere padverkeeraangeleenthede in die provinsie.</p> |
| | <p>Wes-Kaapse Wysigingswet op die Wet op Padvervoer (Wet 8 van 1996) (WCRTA) Lé bepalings neer vir die daarstelling van 'n provinsiale vervoerregister en die registrasie van minibustaxiverenigings, -operateurs en -voertuie.</p> <p>Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999) Lé bepalings neer vir die heffing van tolgeld op provinsiale openbare paaie in die Wes-Kaap en vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, bedryf, bestuur, beheer, instandhouding en rehabilitering van provinsiale tolpaaie.</p> <p>Kaapse Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976) Bepaal dat die provinsie die uitsluitlike mag het om die statutêre boulyne synde 5.0 m en 95 m te verswak in soverre dit met die onderskeie provinsiaal geproklameerde paaie verband hou, en lē bepalings neer vir die wysiging/verandering van paaie se klassifikasie (artikel 4). Sodanige aansoeke word gewoonlik vanaf die tersaaklike distriksmunisipaliteit via die distrikpaddingenieur ontvang, maar hulle kan ook vanuit die DVOW se hoofkantoor ontstaan.</p> |
| Openbare Werke en Eiendomsbestuur | <p>Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007) (GIAMA) Het ten doel om die behaling van die staat se diensleweringsoogmerke op te skerp deur behoorlike bestuur van die onroerende bates te verseker wat deur staatsinstansies benut en beheer word. GIAMA stipuleer die verantwoordelikhede van die gebruiker en dié van die opsiener wat, in die Wes-Kaap, die DVOW Provinciale Openbare Werke is.</p> <p>Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing in die Wes-Kaap, moet verseker dat alle geboue en konstruksiewerk op staatseiendom aan wetgewing voldoen.</p> <p>Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) Stel 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel daar vir die bestuur van nasionale erfenishulpbronne, lē algemene beginsels neer vir die beheer van erfenishulpbronbestuur, stel 'n geïntegreerde stelsel in vir die identifisering, evaluering en bestuur van erfenishulpbronne, en stel die provinsies in staat om erfenisowerhede in te stel wat magte moet aanvaar om sekere kategorieë van erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur. Vereis van die DVOW om sekere eiendomme wat vir ontwikkeling- of herlewingsaktiwiteite geïdentifiseer is aan 'n omvattende erfenisimpakevaluering- en goedkeuringsproses te onderwerp en om die erfenisaspekte van die ter sprake eiendomme te behou.</p> <p>Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998) Lé bepalings neer vir die verkryging van onroerende eiendom en die vervaaimding van grond in besit van die WKR, en vir die bestuur van aangeleenthede wat hiermee verband hou. Derhalwe is die DVOW daarvoor verantwoordelik om die bate- en eiendomregister deurentyd by te werk, addisionele benodigde eiendomme te bekom en eiendomme wat in onbruik verval, af te staan of te herontwikkel.</p> |
| Transversale | <p>Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) Bring die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer en lē bepalings neer vir die regulering van basiese diensvoorwaardes, om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen.</p> |

| Funksie | Wetgewing |
|---------|--|
| | <p>Wet op Basiese Diensvoorraad, 1997 (Wet 75 van 1997) Ministeriële bepaling 4: UOWP, geproklameer 4 Mei 2012</p> <p>Bevat die standaardbepalings en voorraades vir werkers wat in elementêre beroepe in 'n UOWP-projek aangestel word.</p> |
| | <p>Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBBEE), 2003 (Wet 53 van 2003)</p> <p>Stel 'n wetgewende raamwerk daar vir die bevordering van BBBEE; bemagtig die minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om transformasiemanifeste af te kondig; en rig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging op.</p> |
| | <p>Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Mededingingskommissie wat verantwoordelik is vir die ondersoek, beheer en evaluasie van beperkende praktyke, misbruik van dominante posisie, en samesmeltings; vir die daarstelling van 'n Mededingingstribunaal wat verantwoordelik is vir beregtiging in sulke aangeleenthede; vir die daarstelling van 'n Mededingingsappèlhof; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> |
| | <p>Construction Industry Development Board Act, 2000 (Wet 38 van 2000)</p> <p>Stel die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB) daar wat, onder ander, verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die bedryf ter verbetering van die lewering van infrastruktuur aan die Suid-Afrikaanse publiek; om met alle belanghebbers saam te werk met die oog op die volhoubare groei van konstruksie-ondernehemings en beste praktyke aan die kant van werkgewers, kontrakteurs en die beroepe; om beste praktyke te identifiseer en nasionale standarde te bepaal; en om gemeenskaplike en etiese standarde te bevorder vir die lewering van konstruksiewerke en kontrakte.</p> |
| | <p>Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)</p> <p>Kom neer op 'n oorkoepelende raamwerk vir verbruikerbeskerming. Alle ander wette wat bepalings vir verbruikerbeskerming neerlê (gewoonlik binne 'n bepaalde sektor) moet tesame met die CPA gelees word ten einde 'n gemeenskaplike standaard van beskerming te verseker. Die wet is van toepassing op alle goedere en dienste.</p> |
| | <p>Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985 (Wet 53 van 1985)</p> <p>Lê bepalings neer vir die beveiliging van sekere openbare persele en voertuie en vir die beskerming van mense daar op of daar in, en vir verwante aangeleenthede.</p> |
| | <p>Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)</p> <p>Lê bepalings neer vir procedures en verwante aangeleenthede in strafake.</p> |
| | <p>Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA) (Jaarliks)</p> <p>'n Jaarlikse wet uitgevaardig deur die parlement wat, onder ander, bepalings neerlê vir die billike verdeling van inkomste wat na verwagting nasionaal geeën sal word met die oog op verdeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringssfere en vir voorwaardelike toekennings ten einde die regering se beleidsdoelwitte te behaal. Voorts werk dit voorspelbaarheid in die hand asook die versekering dat alle toewysings aan provinsies en munisipaliteite benut sal word ten einde die regering in staat te stel om sy multi-jaar-begroting saam te stel.</p> |

| Funksie | Wetgewing |
|---------|---|
| | Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998) Het ten doel om billikheid in die werkplek te bewerkstellig deur: 1) gelyke geleenthede te bevorder asook die billike behandeling van werknemers ten einde onbillike diskriminasie uit die weg te ruim; en 2) maatreëls ten opsigte van regstellende aksie te gebruik met die oog daarop om die ervarings van diegene wat voorheen ten opsigte van indiensneming te nagekom is, reg te stel sodat billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke binne die werksmag bewerkstellig kan word. |
| | Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet 60 van 2000) Stel 'n omvattende, doeltreffende stelsel vir vuurwapenbeheer en verwante aangeleenthede saam. |
| | Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Wet 13 van 2005) Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n raamwerk waarvolgens die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede interregeringsverhoudinge kan bevorder; lê bepalings neer vir meganismes en procedures waarvolgens interregeringsgeskille opgelos kan word; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede. |
| | Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (LRA) Stel die DVOW in staat om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bevorder deur uitvoering te gee aan die doel van die Wet insluitend: om 'n raamwerk te verskaf waarbinne werknemers en hul vakbonde, werkgewers en werkgewersorganisasies gesamentlik kan onderhandel om lone, diensvoorwaardes en ander sake van gemeenskaplike belang te bepaal; om arbeidsgeskille doeltreffend op te los en voorsiening te maak vir werknemers se deelname aan besluitneming in die werkplek. |
| | Wet op Plaaslike Regering: Municipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) Lê bepalings neer vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse wat nodig is sodat munisipaliteit progressief kan werk aan die maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe, en verseker dat universele toegang tot noodsaaklike dienste bekostigbaar is vir almal; omskryf die regsaard van 'n munisipaliteit as iets wat die plaaslike gemeenskap binne die municipale area insluit, in vennootskap met die munisipaliteit se politieke en administratiewe strukture werk; lê bepalings neer vir die manier waarop munisipale magte en funksies beoefen en uitgevoer word; lê bepalings neer vir gemeenskapsdeelname; stel 'n eenvoudige en bemagtigende stelsel daar vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering wat die nosie van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering ten grondslag lê; lê bepalings neer vir 'n raamwerk vir openbare administrasie en mensehulpbronontwikkeling; om die armes te bemagtig en te verseker dat munisipaliteit se tariewe en kredietbeheerbeleide hulle in ag neem deur 'n raamwerk daar te stel vir die lewering van dienste, diensleweringssooreenkomste en munisipale distrikte; lê bepalings neer vir kredietbeheer en skuldvordering; en stel 'n raamwerk daar vir ondersteuning, monitering en standaardstelling deur ander regeringsfere ten einde plaaslike regering progressief uit te bou tot doeltreffende frontlinie-ontwikkelingsagentskappe wat in staat is om die aktiwiteitie van alle regeringsfere te integreer vir die algehele maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe in harmonie met hul natuurlike omgewing. |
| | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) Lê bepalings neer vir samewerkende bestuurstoesig oor omgewingskwesties deur beginsels neer te lê vir besluitneming oor aangeleenthede wat 'n impak op die omgewing het, instansies daar te stel wat samewerkende bestuurstoesig sal bevorder en procedures neer te lê om die omgewingsfunksies te koördineer wat deur staatsorgane uitgevoer word; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |

| Funksie | Wetgewing |
|---------|---|
| | Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerde van die beboude omgewing, verseker dat alle bou- en konstruksiewerk op staatseiendom, ongeag deur wie dit onderneem word, onderneem word in nakoming van hierdie wetgewing en dat die strukture vir die duur van hul leeftyd steeds hieraan sal voldoen. |
| | Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000) Lê bepalings neer dat 'n staatsorgaan sy voorkeurverkrygingsbeleid moet bepaal en 'n voorkeurpuntestelsel moet implementeer waarvan die oogmerke kan insluit dat kontrakte aangegaan word met persone, of kategorieë van persone, wat histories deur onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag of gestremdheid benadeel is. |
| | Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004) Lê bepalings neer ter versterking van maatreëls om korupsie en korrupte aktiwiteite te voorkom en te bestry |
| | Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (PAIA) Dié wet bevorder 'n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid by openbare en private liggame deur die reg tot inligting te verwesenlik (soos bepaal in artikel 32 van die Grondwet) en aktief 'n samelewing te bevorder waarin mense doeltreffend toegang kan verkry tot inligting wat hulle in staat stel om hul regte meer doeltreffend uit te oefen en te beskerm. |
| | Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (PAJA) Verleen uitvoering aan artikel 33 van die Grondwet wat bepaal dat almal die reg het tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is. Enigeen wie se regte negatief beïnvloed is deur administratiewe optrede het die reg om redes daarvoor gegee te word. PAJA het te make met algemene administratiewe reg en is derhalwe bindend vir administrasie in sy geheel op alle regeringsvlakke. |
| | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) Bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word; stel sekere voorwaardes ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel; lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Inligtingregulator om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 te verrig; lê bepalings neer vir die uitreiking van gedragskodes; lê bepalings neer vir die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geautomatiseerde besluitneming; reguleer die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en lê bepalings vir verwante aangeleenthede neer. |
| | Wet op die Provinciale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005) Bewaar die argieferfenis vir gebruik deur die regering en mense van Suid-Afrika, en bevorder doeltreffende, aanspreeklike, deursigtige regering deur die behoorlike bestuur en versorging van staatsrekords. |
| | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) Ondersteun deursigtigheid, aanspreeklikheid en gesonde bestuur ten opsigte van die DVOW se inkomste, uitgawes, bates en laste. |

| Funksie | Wetgewing |
|---------|---|
| | Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 soos op 3 Junie 1994 in Staatskoerant 15791 gepubliseer) Hierdie is die vernaamste Wet wat openbare administrasie beheer. Dit bepaal die administratiewe en operasionele raamwerk vir staatsdepartemente deur riglyne neer te lê sover dit die indiensneming van en praktyke verwant aan menshulpbronne betref, m.a.w. indiensnemingsvooraardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat hiermee verband hou. |
| | Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, 2014 (Wet 11 van 2014) Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasiestegnologie in openbare administrasie; en lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standarde vir openbare administrasie kan stel. |
| | Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) Lê bepalings neer vir 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwikkel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter, en om daardie strategieë by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer. As toonaangewende werkgewer moet die DVOW nakoming van die werkgewer se verpligte verseker ten opsigte van die werkplekooreenkoms en verseker dat hierdie ooreenkoms in die werkplek geïmplementeer word. By wyse van die UOWP implementeer die DVOW leerlingskap- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir deelnemers in vakmanverwante velde. |
| | Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952) Beheer radio-aktiwiteite en verwante aangeleenthede. |
| | Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Wysigingswet), 2009 (Wet 1 van 2009) Reguleer grondgebruikbeplanning in die Wes-Kaap en verwante aangeleenthede. |
| | Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteit, 2014 (Wet 4 van 2014) Bring artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet tot uitvoer deur verdere bepalings neer te lê vir maatreëls om munisipaliteit te ondersteun, munisipaliteit se kapasiteit te ontwikkel en te verstrek en om hul prestasie te verbeter. Bring ook artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels tot uitvoer deur bepalings neer te lê vir monitoring in gevalle waar gebrekkige prestasie en wanadministrasie in munisipaliteit vermoed word, en vir aangeleenthede wat daarvan verband hou. |

Die nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat hieronder beskryf word, begelei die DVOW in hoofsaak in die nakoming van sy verantwoordelikhede.

| Funksie | Beleide |
|---------|--|
| Vervoer | Nasionale Strategie vir Vraglogistiek, 2005 Verlaag binnelandse vragkoste deur laer stelselkoste wat voortspruit uit verhoogde doeltreffendheid, betroubaarheid en verlaagde vervoertye om sodoende haalbare modale opsies tussen pad- en spoorvervoer aan klante te bied. |

| Funksie | Beleide |
|---------|--|
| | <p>Nasionale Strategie vir Openbare Vervoer, 2007 Twee hooftrekke is hier ter sprake, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Versnelde modale opgradering, wat ten doel het om nuwe, doeltreffender, universeel toeganklike en veilige openbare vervoer en bedreve operateurs te verskaf; en • Geïntegreerde snelvervoernetwerke vir openbare vervoer, wat ten doel het om oplossings vir geïntegreerde openbare vervoer te ontwikkel en te optimaliseer. <p>Nasionale Padveiligheidstrategie, 2009 – 2015 Hanteer padveiligheidswessies deur die verskillende strategieë, strukture en intervensies van alle rolspelers en agentskappe in die verkeersveiligheidsarena te integreer en te koördineer.</p> <p>Nasionale Padveiligheidstrategie, 2011 – 2020 Informeer 'n nasionale gekoördineerde poging om opvoeding en wetstoepassing ten opsigte van swak padgebruikgedrag te verbeter in lyn met internasionale beste praktyke en aanbevelings van die Wêrelgesondheidsorganisasie vir ontwikkelende lande.</p> <p>Nasionale Strategie vir Landelike Vervoer, 2007 Lé riglyne neer vir al drie regeringsfere om op 'n geïntegreerde, ooreenstemmende en gekoördineerde wyse werk te maak van die uitdagings verwant aan mobiliteit en toegang in landelike gebiede. Twee hoofstrome word in hierdie strategie uitgelig, naamlik die bevordering van gekoördineerde landelike nodale en koppelende ontwikkelings, en die ontwikkeling van vraag-responsiewe, gebalanseerde en volhoubare landelike vervoerstelsels.</p> <p>Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid, 1996 Handel oor veilige, betroubare, doeltreffende, doelmatige, ten volle geïntegreerde vervoerbedrywe en -infrastruktuur. Hierdie behoort aan die behoeftes van vrag- en passasierklante te voldoen op 'n wyse wat regeringstrategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling sal ondersteun en omgewing- en ekonomiese volhoubaarheid in die hand sal werk.</p> <p>Witskrif oor Provinciale Vervoerbeleid, 1997 Bou voort op die basis wat deur nasionale witskrif vir 'n vervoerbeleid daargestel is en verskaf meer detail oor spesifieke intervensies in reaksie op die behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap, met erkenning vir heersende en toekomstige bevoegdhede wat aan provinsies en ander regeringsfere ooreenkomsdig die Grondwet toegewys kan word.</p> <p>Riglyne vir Toegang tot Paaie Lé riglyne neer vir praktiserende ingenieurs en beplanners, sowel as eiendomsontwikkelaars, om aanvaarbare standarde vir padtoegang te ontwikkel.</p> <p>Suid-Afrika se Strategiese Raamwerk vir Padinfrastruktuur (RISFA) Lé riglyne neer vir herdefiniëring van die Suid-Afrikaanse paaie-netwerk, en help padowerhede om bestaande padnetwerke te herklassifiseer.</p> <p>Padveiligheidstrategie vir die Wes-Kaapse Provinsie, 2005 Moedig 'n veiliger padomgewing aan deur padveiligheid oral in die provinsie te bevorder met 'n fokus op nasionale en provinsiale roetes; en is verantwoordelik vir die basiese opleiding van alle verkeersbeamptekrute in die provinsie ten einde eenvormigheid en professionaliteit te verseker.</p> |

| Funksie | Beleide |
|---|---|
| | <p>Wes-Kaapse beleidsverklaring ten opsigte van die vervoer van passasiers met spesiale behoeftes (SBPs), 2009</p> <p>Plaas sekere verantwoordelikhede op die DVOW, met insluiting van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aanmoediging van die inkrementele toeganklikheid van spoorinfrastruktuur en verskaffing van opleiding aan operateurs en hul personeel om sensitief op te tree teenoor persone met spesiale behoeftes; • Ondersteuning van die lewering van universeel toeganklike inligtingsdienste oor openbare vervoer; • Voorbereiding en publisering, in samehang met Nasionale Departement van Vervoer, van riglyne verwant aan vereistes rakende die toeganklikheid van openbare vervoertoeriste; • Versekering dat alle nuwe fasiliteite vir openbare vervoer só beplan word dat dit toeganklik is vir persone met spesiale behoeftes; en • Versekering dat alle toekomstige gekontrakteerde openbarevervoerdienste in die provinsie progressief die bedryf van toeganklike dienste insluit tot tyd en wyl alle gekontrakteerde dienste of toeganklik is en/of 'n alternatiewe vraag-responsiewe diens beskikbaar is. |
| Openbare Werke en Eiendoms-bestuur | <p>Wes-Kaapse Provinciale Verkrygingsbeleid</p> <p>Ten doel om die bewaarder(s), onder ander, te begelei in die verkryging van onroerende bates en om eenvormige kriteria en prosesse te bevorder en te spesifiseer.</p> <p>Wes-Kaapse Provinciale Regering se witskrif oor die bestuur van provinciale eiendom, 2004</p> <p>Lê 'n raamwerk neer vir die begeleiding van aktiwiteite verwant aan vaste eiendom behorende aan die Wes-Kaapse Provinciale Regering en ander eiendom wat deur die provinsiale regering benut word; en dit dek ook koördinering met die eiendomsbestuuraktiwiteite van ander openbare/burgerlike rolspelers in die provinsie.</p> <p>Wes-Kaapse Raamwerk vir Infrastruktuur, 2013</p> <p>Sorg dat die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur wat aan alle belanghebbers (nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, semi-staatsorgane en die private sektor) verskaf word met die strategiese agenda en visie vir die provinsie ooreenstem.</p> |
| Uitgebreide-openbare-werke-program | <p>Riglyne vir die implementering van die UOWP</p> <p>Die UOWP se oogmerk is om kort- en mediumtermyn-werkgeleenthede te skep vir die armes en werkloses, as deel van die regering se strategie om armoede te beveg. Hierdie werkgeleenthede word gekombineer met opleiding wat daarop gemik is om die laaggeskoolde begunstigdes se vooruitsigte op indiensneming binne die formele indiensnemingsmark te verhoog. Die program is afgestem op geleenthede in die volgende sektore: infrastruktuur, omgewing, kultuur, en maatskaplike en nie-regering.</p> <p>Riglyne vir die implementering van die Nasionale Jeugdiens (NJD)</p> <p>Bepaal dat implementering van jeugprogramme die verantwoordelikhed van alle staatsinstansies is. Verantwoordelikhed vir beplanning, koördinering en inisiëring van doeltreffende en innoverende strategieë vir jeugontwikkeling berus dus eweneens by Nasionale Jeugkommissie en individuele staatsdepartemente op nasionale en provinsialevlak.</p> |
| Transversale | <p>Provinciale Strategiese Plan (PSP), 2015/16 – 2019/20</p> <p>'n Stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die WKR vir die huidige termyn waarin gewenste uitkomste vir die mediumtermyn (vyf jaar) uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteit van die provinsiale regering en bevorder tesame geïntegreerde, verbeterde prestasie oor die openbare sektor in die Wes-Kaap heen.</p> |

| Funksie | Beleide |
|---------|--|
| | <p>Departementele raamwerk en handleiding vir monitering en evaluering Beskryf die monitering- en evalueringstelsels en -werktuie wat daargestel is vir resultaatgedrewe bestuur in die staatsdiens.</p> |
| | <p>Departementele beleid oor die bestuur van rekords Lê die grondslag vir 'n korporatiewe kultuur van verantwoordelikheid vir die bestuur van inligting en rekords as 'n noodsaklike vereiste vir doeltreffende dienslewering.</p> |
| | <p>Wes-Kaapse beleid oor e-Mobiliteit Transversale beleid oor die gebruik van sellulêre datakaarte vir amptelike doeleinades. Dit reguleer en standaardiseer die praktyke en procedures vir die verkryging, voorsiening en gebruik van datakaarte in die WKR en sy departemente en vir die doelmatige en kostedoeltreffende bestuur van hierdie noodsaklike diens.</p> |
| | <p>Wes-Kaapse Regering se transversale bestuurstelsel Het ten doel om meetbare uitkomste te behaal deur die fasilitering van sektorale klusters wat transversaal van kwessies werk maak met individuele lyndepartemente as die implementeringsagente; en beheer die implementering van die provinsiale strategiese plan transversaal regdeur die WKR. Die "Executive Project Dashboard" word as inligtingbestuurwerktuig vir hierdie stelsel gebruik.</p> |
| | <p>Witskrif oor mensehulpbronbestuur, 1997 Fokus op noodsaklikheid om mensehulpbronkapasiteit te ontwikkel en te transformeer ten einde die oogmerke van doeltreffende dienslewering en 'n getransformeerde staatsdiens te behaal.</p> |

8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2019

Die DVOW se makro-organisatoriese struktuur word op die volgende vier bladsye van hierdie verslag uiteengesit.

9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Alhoewel die departement nie vir enige openbare entiteite verantwoordelik is nie, word SMV as 'n handelsentiteit binne sy administrasie bedryf.

Tabel 8: Entiteite wat aan die Provinciale Minister verslag doen

| Naam van entiteit | Wetgewende mandaat | Finansiële verwantskap | Aard van bedrywe |
|-------------------|--|---|--|
| SMV | Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies | SMV word ingevolge Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies as 'n handelsentiteit bedryf. Die RB van die departement is ook die RB van die handelsentiteit. Die RB rapporteer aan die provinsiale minister. | Voorsiening van staatsmotorvoertuie aan kliëntdepartemente vir diensleweringsdoeleindes. |

Deel B: Prestasie-inligting

1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) het die nodige auditprosedures op die prestasie-inligting uitgevoer ten einde bestuur in sy verslag van 'n auditgevolgtrekking oor prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte te voorsien. Die doel met hierdie toets was om rapporteerbare bevindinge in die gerapporteerde prestasie-inligting te identifiseer, maar nie om bewyse in te win met die oog daarop om waarborgte te lewer of 'n mening of gevolgtrekking oor hierdie aangeleenthede in die auditverslag uit te spreek nie.

Verwys na bladsy 242 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer word.

2 Oorsig van departementele prestasie

2.1 Diensleveringsomgewing

Die hoofdienste van die Departement is:

| Hoofdiens: | Sleutelfunksies |
|--------------------------------------|---|
| Administratiewe Dienste | <ul style="list-style-type: none">• Verskaf strategiese, beleid- en operasionele ondersteuning binne die Departement.• Verskaf finansiële bestuur- en voorsieningskanaaldienste binne die Departement.• Verleen hulp aan munisipaliteite om geïntegreerde vervoerplanne te ontwikkel.• Fasiliteer die ontwikkeling van provinsiale departementele strategieë, beleide en planne.• Bestuur die POP om skaarsvaardighede te ontwikkel op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese.• Verskaf beurse vir individue wat besig is met studies op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die bou-omgewing. |
| Openbare Werke-infrastruktuurdienste | <ul style="list-style-type: none">• Verkry en vervreem onroerende bates.• Verseker optimale benutting van eiendomme in die provinsie se besit.• Huur eiendom om akkommodasie te verskaf.• Verskaf akkommodasiedienste aan provinsiale departemente en entiteite.• Bou en hou gesondheid-, onderwys- en algemene geboufasiliteite in stand.• Skep werkgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur. |
| Vervoerinfrastruktuurdienste | <ul style="list-style-type: none">• Bou, rehabiliteer en hou die provinsiale padnetwerk in stand.• Bied leerlingskappe en graadopleiding aan.• Bied vakleerlingskappe vir dieselwerktuigkundiges aan.• Verskaf tegniese ondersteuningsdienste.• Skep werkgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur. |

| Hoofdiens: | Sleutelfunksies |
|---------------------------------|--|
| Vervoerbedryfdienste | <ul style="list-style-type: none"> • Bestuur en moniteer gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste. • Koördineer en fasiliteer landvervoer veiligheid- en -nakomingsprogramme. • Evalueer, ondersteun en kapasiteer munisipaliteite ten opsigte van landvervoermobiliteit. • Ondersteun die implementering van NGV. |
| Vervoerreguleringsdienste | <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf motorvoertuigregistrasie- en lisensiërdingsdienste deur munisipaliteite. • Verskaf dienste om motorvoertuie se padwaardigheid te toets. • Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders deur munisipaliteite. • Reik permitte uit vir abnormale vragvoertuie en geleenthede op openbare paaie. • Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie. • Verskaf lisensiërdingsdienste aan openbare vervoeroperateurs. • Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings. • Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme. • Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein. • Verskaf wetstoepassing op nasionale en provinsiale openbare paaie. |
| Gemeenskapsgebaseerde Programme | <ul style="list-style-type: none"> • Koördineer die UOWP. • Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel. • Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenthede aan, insluitende vakleerlingskappe vir vakmanvaardighede. |

Vernaamste diensleweringsutdagings

Gedurende die oorsigjaar het 'n aantal uitdagings 'n negatiewe impak op die DVOW se dienslewering gehad:

- Diensversteurings en operasionele mislukkings in die passasierspoorstelsel het:
 - Verdere druk op ander vervoermiddelle geplaas en die hoeveelheid padverkeer verhoog;
 - Die veiligheid van passasiers beïnvloed;
 - Bygedra tot die ekonomiese nood van passasiers; en
 - Gelei tot lewensverlies en die verlies van spoorwegbates.
- Die skerp toename in diensleweringsbetogings in die afgelope jaar het 'n groot impak op busbedrywighede gehad, met busse wat verbrand is en langer reistye wat 'n verdere negatiewe impak op die nakoming van die rooster gehad het.
- Geweld met betrekking tot geskille binne die taxibedryf het 'n negatiewe impak gehad op pendelaars se veiligheid en die doeltreffende funksionering van die openbare vervoerstelsel.
- Onrus in die openbarevervoersektor wat met die GIPTN verband hou.
- Gemeenskapsonrus op konstruksieterreine wat die levering van openbare infrastruktuur vertraag het.

- Openbare aandrang dat WKR-besitte grond in sentraalgeleë dele van Kaapstad vir bekostigbare behuisingsdoeleindes gebruik word.
- Moontlike stygings in tariewe, dienste en ander municipale kostes sal na verwagting 'n impak op dienslewering hê:
 - Munisipaliteit sukkel op verskillende vlakke, insluitend 'n gebrek aan kapasiteit, vaardighede en die vermoë om 'n voldoende befondsingsbasis te handhaaf. Munisipaliteit gebruik verhogings in municipale dienstariewe en eiendomsbelasting om hul befondsingsbasis te verhoog. Die departement is kwesbaar vir verhogings bo inflasie met hierdie kostes. Versagtende maatreëls teen die droogte wat deur munisipaliteit toegepas word, sal ook 'n invloed op eiendomsbelasting en municipale dienste hê.
- Die ontwikkeling van nuwe woonbuurte en winkelsentrums op plekke vêr van ekonomiesesentrums en aktiwiteite af, het geweldige druk op eise vir openbare goedere en dienste geplaas wat alreeds oorbelas is.

Die Departement is geraak deur die nakoming van bykomende wetgewing oor eiendomsbeplanning in municipale gebiede. In die verlede is plante as 'n vergunning voorgelê, nou moet gedetailleerde beplanningsaansoeke ingedien en goedgekeur word. Dit het 'n invloed op departementele hulpbronne en dienslewering omdat aansoeke om hersonering en regstellings tot sonerings ingedien moet word om die huidige provinsiale grondgebruiken toe te laat. Daar sal gesamentlike pogings aangewend word om met munisipaliteit te skakel om te verseker dat dienslewering nie ontwrig word nie. Met inagneming van die omvang van sy eiendomsportefeuilje, verwag DVOW egter om aansienlike koste te dra om aan die toepaslike stadsbeplanningsprosesse en -aansoeke te voldoen.

Daarbenewens het die Departement 'n ernstige tekort aan grond in sekere gebiede waar dienslewingsfasilitete nodig is, veral vir onderwys- en gesondheidsdoeleindes.

Die Wes-Kaap kom uit 'n verwoestende droogte en hierdie krisis het dit duidelik gemaak dat die gevolge van klimaatsverandering reeds gevoel word, en daar is 'n groot behoefte om skaars hulpbronne te bewaar. Die aanduidings is dat die provinsie toenemend waterskaars gaan raak, en dat elektrisiteit op mediumtermyn duur en te min kan wees. Die departement belê dus in die bespaar van water, energie en ander hernubare hulpbronne.

Personnel van die DVOW se Paarl-distrikspadingenieurskantoor is gedurende die 2018-feesseisoen gevra om 112 000 liter drinkwater aan twee droogte-geteisterde Wes-Kaapse dorpe te lewer. Personnel met toepaslike bestuurs- en operateurslisensies is geïdentifiseer. Na deeglike konsultasie het sekere personeel wat met verlof gegaan het, onderneem om aan diens te kom om water af te lewer. Personnel het 13 000 twee-liter waterbottels in Beaufort-Wes afgelever (op 28 Desember); 7 400 vyf-liter bottels in Laingsburg (op 5 Januarie); oor 23 000 1.5 liter in Beaufort-Wes (op 24 Januarie) en 8 000 1.5 liter bottels in Laingsburg (op 31 Januarie).

Vernaamste diensleweringsprestasies

Diens: Koördineer die UOWP

Die DVOW gaan voort om die UOWP in die Wes-Kaap te koördineer wat daarop gemik is om die totale aantal werkgeleenthede wat in die provinsie geskep word, te verbeter (oor alle regeringsfere en die nie-regeringsektor) en om vroue deelnemers, die jeug en persone met gestremdhede te teiken.

Die provinsiale institusionele reëling is deur die 12 funksionele provinsiale forums gehandhaaf. Veertig openbare liggame het tegniese ondersteuning ontvang om die gehalte van hul UOWP-databestuur en -verslagdoening te verbeter wat met Program 6-doelwitte en teikens verband hou.

Diens: Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel

Die kontrakteurontwikkelingsprogram (CDP) het vier hoof opleidingsprogramme geïmplementeer.

- Konstruksie-inligtingssessies (KIS) is vir 197 opkomende kontrakteurs van regoor die Wes-Kaap gehou, in vennootskap met DVOW Voorsieningskanaalbestuur, die Nasionale Departement van Openbare Werke, Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOET), die CIDB, die Boubedingsraad en plaaslike munisipaliteite. Hierdie twee-dag sessies het gefokus op die verskaffing van inligting aan deelnemende kontrakteurs om te verseker dat hul aan alle regeringsreëls en -beleide voldoen.
- Een en veertig CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs het aan 'n vyf weke munisipale gebaseerde opleidingsprogram deelgeneem.
- Vier en veertig Graad 1- en 2-kontrakteurs het aan 'n 10-maand gestruktureerde opleidingsprogram deelgeneem wat deur die Konstruksie Onderwys- en Opleidingsowerheid (CETA) geakkrediteer is.
- Gevorderde opleiding en mentorsteun is gedurende die jaar onder oorsig aan 20 Graad 3 tot 5 kontrakteurs verskaf.

Daarbenewens het 93 kontrakteurs regoor die Wes-Kaap opleiding vir beroepsgesondheid en -veiligheid (OHS) ontvang. Ander kortkursusse wat aan opkomende kontrakteurs aangebied word, was basiese rekenaarvaardighede soos Microsoft Excel en Microsoft Project.

Die NJD se Jeug in Konstruksie-program is 'n nasionale program wat daarop gemik is om die deelname van werklose jeugdiges aan die bou- en konstruksiebedryf te verseker. Jeugdiges word in 'n 12-maand-program geplaas waar hulle vaardighede verwerf in verskillende dissiplines in die konstruksiebedryf, wat hul vermoë om werk te kry óf om vir hulself te werk, verbeter. Altesaam 216 werklose jeugdiges het op 1 April 2018 met hul klaskameropleiding begin. In Februarie 2019 het 'n nuwe inname van 210 werklose jeugdiges met hul opleiding begin.

In die oorsigjaar het ses jongmense hul leerlingskappe suksesvol voltooi en hul ambagsertifikate in lugversorging en verkoeling enloodgieterswerk verwerf.

Diens: Skep werk en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur

Die instrument vir bemagtigingsimpakassessering (EMPIA) lig die ontwerp- en konstruksieproses van spesifieke departementele projekte ter waarde van meer as R5 miljoen in; dit teken ook die werklike impak ten opsigte van histories benadeelde individue (HBI) aan. In die boekjaar onder oorsig, is 17 EMPIAs op beplande departementele infrastruktuurprojekte geïnisieer. Twee en twintig implementeringsverslae oor bemagtigingsdoelwitte is aangegaan. In die boekjaar onder oorsig, het die eenheid by 65 gemeenskapsbetrokkenhede die implementeringsdirektorate en hul kliëntdepartemente ondersteun.

Die Hessequa-pad wat onlangs vir R192 m opgegradeer is, het 26 maande gevat. Dit het sy plaaslike bemagtigingsdoelwitte bereik en dit oortref deur werkgeleenthede vir 260 mense te skep, waarvan 65 persent jong mense en 32 persent vroue was. Die sypadjie is versterk en die pad is veiliger gemaak vir daaglikse verkeer, voetgangers en fietsryers.

Diens: Bied vakleerlingskappe vir vervoerverwante werktuigmindiges aan

Om gekwalifiseerde ambagsmanne te word, ondergaan vakleerlinge 'n vier-jaar-tydperk van formele en praktiese opleiding, voorgeskrewe eksamens en praktiese assessering deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante dienste (MERSETA). Vakleerlinge wat deur die DVOW ondersteun is, het opleiding by die meganiese werkswinkel in Bellville ontvang en doen Nasionale Tegniese Sertifikaat- kursusse by 'n tegniese kollege. Vier en twintig meganiese ambagsmanne het hul opleiding tot op hede deur die vakleerlingprogram voltooi. Ses ambagsmanne van die program is ná die kwalifikasie permanent in diens van die DVOW aangestel.

Die DVOW se Oudtshoorn DPI-kantoor het kode 14 (swaarvoertuig) bestuurslisensie-opleiding aan 19 van sy vlak 2-personeel voorsien. Elf het geslaag, wat aan hulle die minimum vereiste vir 'n toesighoudende pos gebied het.

Diens: Bestuur die professionele ontwikkelingsprogram om werk te maak van die vaardigheidstekorte op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die beboude omgewing

Die POP het voortgegaan om werknemers te help deur 'n bevorderlike leerwerkplekongewing vir die opleiding en ontwikkeling van werknemers en gegradeerders te skep om professionele registrasie te bekom en te handhaaf. Daar word beduidende vordering gemaak om die verteenwoordiging van vroue in die beboude omgewing aan te pak. Twaalf vroue het by die POP aangesluit: twee meganiese ingenieurs, drie elektriese ingenieurs, twee siviele ingenieurs: gebou, vier argitekte, en een konstruksieprojekbestuurder. Befondsing is uit die Workplace Skills Fund verkry om kandidaat bourekenaars te ondersteun om kredietdraende kursusse deeltydse te studeer vir die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bourekenaarprofessie (SACQSP) se goedgekeurde BSc Honneursgraad in Bourekenkunde. Die kursus is daarop gemik om bourekenaars te help om aan die vereistes vir professionele registrasie te voldoen. Die program is uitgebrei tot siviele ingenieurswese: geboue en OHS. Die opleiding en

ontwikkeling van 30 werknemers is vergemaklik onder ondertekende verbintenis en ondernemings.

In die oorsigjaar het een elektriese ingenieur, een meganiese ingenieur en een siviele ingenieur deur die POP by die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurs (ECSA) as professionele geregistreer.

| Dissipline | Kategorie | Totaal | Ras | | | | Geslag | |
|----------------|----------------------|----------|----------|---|----------|---|----------|----------|
| | | | S | B | W | I | M | V |
| Ingenieurswese | Elektriese ingenieur | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - |
| | Meganiese ingeneur | 1 | - | - | 1 | - | 1 | - |
| | Siviele ingenieur | 1 | 1 | - | | | | 1 |
| Totaal | | 3 | 2 | - | 1 | - | 2 | 1 |

S = Swart; B = Bruin; I = Indiërs; W = Wit; V = vroulike; M = manlik

Diens: Bestuur die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP) om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi in die vervoer- en ingenieursveld te faciliteer

Ter ondersteuning van infrastruktuurlewering is die GPEP, met die ondersteuning van mentors om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi, gedurende die oorsigjaar voortgesit. Vyftien gegradeerde het aan die minimum vereistes vir professionele registrasie met die ECSA voldoen. Tien ingenieurs en drie tegnici was permanent in diens van die Takkie Padnetwerkbestuur aangestel.

Diens: Bied beurse aan verdienstelike studente deur die Masakh'iSizwe-beursprogram

Die Masakh'iSizwe-beursprogram is daarop gemik om die tekort aan skaars en kritieke vaardighede in die vervoer-, beboude omgewing- en ingenieurswese-dissiplines, en enige ander dissipline wat die DVOW as kritis en skaars identifiseer, aan te spreek deur toegang tot tersiêre onderrig- en opleidingsgeleenthede te bied.

Die Departement het Masakh'iSizwe-beurse aan 41 studente toegeken wat aan drie hoëronderwysinstellings in die Wes-Kaap studeer. Die provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke Donald Grant en die hoof van die Departement (HvD), Jacqueline Gooch, het tydens 'n seremonie in Kaapstad sertifikate aan beursontvangers oorhandig. Altesaam 150 studente is gedurende die 2019-akademiese jaar ondersteun.

| Dissipline | Getal beurshouers | Ras | | | | Geslag | |
|---------------------------|-------------------|-----|----|---|----|--------|----|
| | | S | B | I | W | V | M |
| Argitektuur | 4 | 1 | 1 | - | 2 | 3 | 1 |
| Beboude omgewing | 10 | 3 | 5 | 1 | 1 | 2 | 8 |
| Siviele Ingenieurswese | 81 | 32 | 36 | 1 | 12 | 29 | 52 |
| Elektriese Ingenieurswese | 18 | 5 | 9 | - | 4 | 5 | 13 |
| Geomatriek | 5 | 1 | 3 | - | 1 | 1 | 4 |
| Meganiese Ingenieurswese | 26 | 6 | 14 | 1 | 5 | 10 | 16 |
| Eiendomstudies | 1 | - | 1 | - | - | 1 | - |

| Dissipline | Getal beurshouers | Ras | | | | Geslag | |
|---------------------------|-------------------|-----------|-----------|----------|-----------|-----------|-----------|
| | | S | B | I | W | V | M |
| Stad- en Streekbeplanning | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 0 |
| Vervoerstudies | 4 | 2 | 1 | - | 1 | 2 | - |
| Totaal | 150 | 50 | 71 | 3 | 26 | 54 | 96 |

S = Swart; B = Bruin; I = Indiërs; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

Diens: Voorsien, bou en hou akkommodasie vir provinsiale departemente in stand

Onderwysfasiliteite

Infrastruktuurlewering vir onderwysfasiliteite word onder Pos 5: Onderwys voorsien, terwyl daar in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke voorsiening gemaak word om as implementeringsagent vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) op te tree.

DVOW het bygedra deur die voorsiening van infrastruktur om onderwysuitkomstes in die Wes-Kaap te verbeter (Provinsiale Strategiese Doel [PSD] 2) terwyl PSD1: "Skep geleenthede vir groei en werk" ook ten uitvoer gebring word. Met die oog hierop het die nuwe Kraaifontein Hoërskool in Desember 2018 praktiese voltooiing behaal, met fasiliteite beskikbaar vir 1 240 leerders van graad 8 tot graad 12.

Die skool bestaan uit 28 klaskamers wat insluit:

- 4 Graad R-klaskamers;
- 1 wetenskaplaboratorium;
- 3 spesialiseerde klaskamers ('n multi-mediasentrum en 2 veeldoelige klaskamers); en
- 'n saal en administrasieblok.

'n Onafhanklike verslag het bevestig dat die volgende syfers vir die Kontrakdeelname Doel (KDD) met die konstruksie van hierdie projek bereik is:

- 18 persent van die bouwaarde is op geteikende ondernemings BBE (swart sakeondernemings) subkontrakteurs bestee (teiken: 12 persent);
- 11 persent van die bouwaarde is op geteikende ondernemings BBE verskaffers spandeer (teiken: 8 persent);
- 4.6 persent ongeskoolde en semi-geskoolde plaaslike arbeid (teiken: 4 persent);
- 50 ongeskoolde of semi-geskoolde arbeiders is deur die hoof kontrakteur gebruik (teiken: 40 arbeiders);
- 7 NJD-leerders is in diens geneem en het hul opleiding voltooi (teiken: 4 NJD-leerders); en
- 17 individue het tegniese opleiding ontvang in toesig oor konstruksieprosesse vir 'n tydperk van 10 dae (teiken: 12 individue).

Aan die einde van die oorsigjaar is goeie vordering gemaak met talle ander onderwysinfrastruktuurprojekte wat tans regoor die Wes-Kaap onder konstruksie is.

Goeie vordering is gemaak met die oprigting van die nuwe Umyezo Wama Apile High School in Grabouw. Hierdie skool bied akkommodasie van hoogstaande gehalte vir tot 1 250 leerders. Leerders is tydens die konstruksie van die skool in tydelike klaskamers op die grond langs die Groenberg Sekondêre Skool gehuisves.

Daar is goeie vordering gemaak met die bou van die nuwe Philippi Hoërskool, wat in Maart 2018 begin het. Die skool sal tot 1 120 leerders kan huisves.

Gesondheidsfasiliteite

Die nuwe Distrik Ses Gemeenskapsgesondheidsorgsentrum bied omvattende primêre gesondheidsdienste aan ongeveer 90 000 mense wat hoofsaaklik lae of geen inkomste het nie, wat van Woodstock, Soutrivier, Vredehoek en Kaapstad kom.

Die ontwerp van die kliniek het onder meer gekyk na die erfenisstatus van die terrein en omliggende gebiede. Die openbare-, institusionele- en sosiale-aandenking van die terrein is met behulp van die Distrik Ses Museum gedenk deur die gebruik van gemeenskapskunswerke in en om die fasilitet.

Die nuwe fasilitet is 'n multiverdieping-fasilitet en bestaan uit 'n eenheid vir aansteeklike siektes, radiologie en nooddienste op die grondvloer; 'n eenheid vir chroniese siektes en eenheid vir vrouens en kinders op die eerste verdieping; en 'n rehabilitasie- en mondgesondheidseenheid op die tweede verdieping.

Die konstruksie van die Observatory Forensiese Patologie-instituut het op 26 April 2017 begin en sal na verwagting in November 2019 voltooi wees. Die fasilitet is geleë by die ingang van die Groot Schuur-hospitaal en sal 'n moderne doelgerigte forensiese patologiefasilitet bied wat forensiese dienste op vlak 4 lewer. Die bouwerk wat uitgevoer moet word, is van 'n baie ingewikkelde aard en is ontwerp om prosesse wat daarop gemik is om die onttrekking, ontleding en bewaring van die integriteit van bewyse in ag te neem sodat die komponente van die strafregstelsel dit kan gebruik.

Die drie verdieping-instituut sal 'n beter integrasie van die werk van die provinsiale forensiese patologiediens en die nasionale gesondheidslaboratoriumdienst moontlik maak, tesame met fasilitete om die Universiteit van Kaapstad se akademiese opleiding in die veld te ondersteun.

Die ontwerp gebruik natuurlike lig deur die geglasuurde lykskouingskamers en 'n binneplein wat lig diep binne die werksgebiede inlaat. Die openbare ruimtes is ontwerp om 'n rustige omgewing te skep wat op groen ruimtes buite gefokus is.

Die Vredenburg-hospitaal Voltooïingsprojek is een van die onlangs voltooide herlewingsprojekte wat ontwerp is om voorsiening te maak vir die groeiende gesondheidsvereistes van die Weskus-distrik. Die projek is in Maart 2016 begin en die voltooïng van die werk is vir Mei 2019 geskeduleer.

Die projek bevat terreinwerke, upgraderings aan bestaande kliniese- en ondersteuningsdienste, nuwe personeelakkommodasie en 'n nuwe administrasiegebou. Onlangse voltooide konstruksie sluit werk aan die administrasiegebou, teaterkompleks, steriliseereenheid, laboratorium, lykshuis, 12-bed pediatrie-eenheid, en ondersteuningsdienste (kombuis, skoonmaak, vullis en wasgoed) in.

Algemene geboue

'n Belangrike fokusarea gedurende 2018/19 was die verskaffing van drinkbare water in kantore wat in provinsiale besit is. Daar is beduidende waterbesparing bewerkstellig deur die vervanging van waterverkoelde lugversorgingstelsels in kantoorgeboue binne die Kaapse middestad, badkamers met waterbesparende toestelle toe te rus, en die installering van waterdruk-aanjaagpompe en wateropgaartenke.

Met die Kantoormoderniseringsprogram is die modernisering van Dorpstraat 3 suksesvol voltooi, die hoofkantoor van die DOS&OB, die 6de verdieping van Dorpstraat 9 wat 'n afdeling van DVOW akkommodeer, en die 11de verdieping van Dorpstraat 4 wat plek het vir een van die afdelings van die DvdP. Konstruksie is aan die gang vir die modernisering van die 8ste en 9de verdiepings van Dorpstraat 9, die 12de verdieping van Dorpstraat 4, asook 'n nuwe gedeelde kantoorgebou in Mosselbaai, terwyl die modernisering van die grond- en eerste verdiepings van York Park in George amper voltooi is.

Die voorsiening van universeel toeganklike kantore bly 'n prioriteit en verskeie infrastruktuurintervensies is gedurende 2018/19 voltooi, waaronder opgraderings aan toegange tot opritte en trappe by verskillende geboue in die besit van WKR. Benewens die voortgesette moderniseringsprogram, is 'n uitgebreide dakherstel- en instandhoudingsprojek onderneem wat ses kantoorgeboue in die Kaapse middestad dek; dit is gedurende 2018/19 voltooi. Die "GO GEORGE"-busdepot in George is uitgebrei om 'n ekstra 58 busparkeerplekke te bied. Instandhoudings- en konstruksiewerk is by verskillende KJSS-fasilitete uitgevoer wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die Kaapstadse metropolitaanse gebied en verder bestuur word, en dit sal in die nuwe boekjaar voortduur.

Die Energy Security Game-Changer het gefokus op die verhoogde opname van kleinskaalse ingeboude fotovoltaïese (FV) sonpanele energieopwekking in die Wes-Kaap. Die hoofdoel is om die bydrae van sonkrag-PV aan die provinsie se elektrisiteitsvoorsiening teen 2020 tot 135 MW te verhoog. DVOW gee die toon aan deur meer as R44 miljoen vir 14 sonkrag-FV-installasies in geboue wat deur WKR besit word, te verbind, wat na verwagting 'n besparing van R4 miljoen per jaar tot gevolg sal hê.

DVOW se produksiespan het 'n projek op die been gebring om die Mosselbaai-gebou, voorheen bekend as Huis de Klerk, in 'n WKR gedeelde kantoorgebou te omskep; na verwagting sal dit middel-2020 voltooi word. Die gemoderniseerde gebou sal kantoorruimte bied vir personeel van die provinsiale Departemente vir Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys (tans in die Willem van Heerden-gebou), Gesondheid (tans in Diaz Strand) en Landbou (nuwe kantore). Die nuwe interne uitleg sal kantore en gemoderniseerde werkplekke vir gebruikersafdelings insluit, asook nuwe dienste en afwerkings dwarsdeur die hele kompleks.

Die Conradie BLMEP Game-Changer is daarop gemik om die ruimtelike beplanning van die apartheid aan te pak deur bekostigbare, geïntegreerde behuisingsgeleenhede in goed-geleë gebiede te skep. Die voorgestelde ontwikkeling in Pinelands sal 3 602 wooneenhede bied, waarvan 1 764 (49 persent) deur toelaes befonds sal word en die res deur die ope mark. Daar sal ook twee nuwe skole, kommersiële ruimtes, parke en

ontspanningsgeriewe wees, en die gebied sal toeganklik via openbare vervoer wees – bus- en treindienste.

Die doele van kantoormodernisering is onder meer die verbetering van die doeltreffende gebruik van ruimte in WKR-geboue, die verbetering van die werksomstandighede vir personeel en om geboue meer omgewingsvriendelik te maak. 'n Voorbeeld is die installering van swart (rioolwater) waterbehandelingsaanlegte wat swartwater in gryswater maak, wat dan gebruik word om toilette te spoel. Dit verminder waterverbruik, help om waardevolle municipale water te bespaar en verminder die bedryfskoste van die gebou.

Inisiatiewe om watergebruik te verminder

Na twee jaar van ondergemiddelde reënval in 2015 en 2016, is die Wes-Kaap aan die begin van 2017 met die werklike vooruitsig van 'n uitgebreide droogte en die gepaardgaande risiko van akute watertekorte gekonfronteer. As gevolg van die omvang en erns van die droogte, het die Premier op 23 Mei 2017 'n provinsiale ramptoestand verklaar kragtens artikel 41(1) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) (DMA). Die WKR-kabinet het kort daarna besluit om die instelling van 'n WKR Water- en Droogte-bestuurskomitee te ondersteun om, onder die beskerming van die Direkteurgeneraal, asook verskillende toegewyde projekspanne en werkstrome, 'n gestruktureerde institusionele raamwerk vir die waterkrisis te ontwikkel. Die DVOW het die taak gehad om die algehele koördinering van die besigheidskontinuïteitsplanne (BCPe) van die WKR se departemente en entiteite te koördineer in die geval van onderbrekings in dienslewering as gevolg van die opkomende waterkrisis.

Ingevolge artikel 25 van die DMA, is elke staatsorgaan verplig om 'n rampbestuursplan op te stel. Vanweë die hoë waarskynlikheid en moontlike ernstige gevolge van 'n beperking of gebrek van watervoorsiening aan WKR-fasilitete, was spesifieke planne vir die reaksie op waterkrisisse nodig. Elke provinsiale departement en entiteit het waterrampbeplanning onderneem, waterrisiko's geïdentifiseer, kritieke dienste beoordeel en versagtingsmaatreëls bepaal rakende die impak van 'n moontlike waterkatastrofe op dienslewering. Hierdie water-BCPe was waterspesifieke bylaes tot die statutêre BCPe. 'n Gekonsolideerde plan, bekend as die Provinciale Water BCP, is ontwikkel, wat rampbestuur-, aktiverings- en kommunikasie-elemente insluit.

Die DVOW het 'n taakspan van verteenwoordigers van elk van die 13 WKR-departemente en vier provinciale entiteite opgerig wat saam met die bewaarder en die verteenwoordigers van die DVOW se afdeling: provinsiale openbare sit. Die doelstellings was: om te beplan watter noodsaklike dienste van die WKR moet en sou kon voortgaan om uitgevoer te word indien municipale watervoorrade beperk of gestaak word; om te beplan hoe die WKR kan bydra tot die vermyding van 'n situasie van "droë krane" deur die WKR se aanvraag na municipale watervoorrade te verminder; en om te verseker dat geïdentifiseerde kritieke dienste steeds gelewer kan word, ongeag die toestand van municipale watervoorrade. Die plan behels intervensies in die vraag- en aanbodkant.

Op die kant van aanvraag, het die DVOW talle ingrypings onderneem om water in verskillende kantoorgeboue te bespaar. Waterbesparings-ingrypings is deur ander departemente en entiteite onderneem wat, tesame met gedragsveranderingstrategieë,

bygedra het tot die beduidende waterbesparing tot dusver, asook die watereffektiwiteit en waterbestendigheid wat nou in die WKR se kantore vasgelê is. Werk met betrekking tot waterbesparing van hierdie aard, sal in die afsienbare toekoms voortduur.

Aan die aanbodkant is die mees kritieke WKR-diensleweringareas geïdentifiseer wat water-seker moes wees word sodat hulle kon voortgaan om te werk, ongeag die toestand van munisipale watervoorrade. Hierdie kritieke fasiliteite het sekere provinsiale hospitale en klinieke ingesluit, die behandeling wat maatskaplike ontwikkeling en KJSSs bied, en verskeie hoofkantoorfasiliteite vir die voortdurende beheer van die administrasie van die WKR. Hierdie ingrypings aan die toevoerkant was ontwerp om te verseker dat daar noodsaklike water uit aanvullende waterbronne vir drink-, sanitasie- en brandveiligheidsdoeleindes is. 'n Verdere voordeel van die verkryging van water uit aanvullende bronne vir dienslewering by kritieke fasiliteite, was dat dit die aanvraag na munisipale voorraad sal verminder, tot voordeel van diegene wat van munisipale water afhanklik bly.

Om watersekerheid aan hierdie geïdentifiseerde kritieke terreine te bied, het die DVOW in 2017/18 noodraamwerk vir kontrakteurs vir geohidrologie, boor, opbrengstoetsing, kwaliteitstoetsing, toerusting, behandeling, berging en retikulasie verkry. Die raamwerk het ook die dienste gelewer van goedkeurings- en lisensiéringspesialiste, veiligheids- en sekuriteitsagente, en verskaffers van bedryfstelsels en instandhouding van waterstelsels. Groepe kontrakteurs is saamgesit om op kritieke terreine te fokus. Nadat die boorwerk voltooi is, is die opbrengste en die kwaliteit van die water getoets, en is ontwerpe vir behandeling en retikulasie na die perseel voltooi. 'n Belangrike fokusarea gedurende 2018/19 was die implementering van gelokaliseerde waterstelsels op hierdie terreine en oorgange na die bedryfs- en instandhoudingsfases van hierdie stelsels.

Die huidige status van die aanbodkant van die program kan soos volg opgesom word:

- 167 boorgate is in die program geboor;
- 154 van die boorgate (hetsy bestaande of nuut) is met die pomp getoets om opbrengste te verifieer, volhoubare pompsnelhede te bepaal en die herwinningskous te bepaal;
- 63 ingenieurswese-oplossings is ontwerp en goedgekeur vir implementering;
- 61 fasiliteite het grondwaterstelsels in plek; en
- 29 fasiliteite bly op die munisipale toevoer.

Daar is verskillende redes waarom die 29 fasiliteite aan die munisipale toevoer sal bly vir solank as moontlik: die risiko vir wateronderbreking in hierdie gebiede is baie laag; en/of die koste van alternatiewe toevoer is buite verhouding hoog; en/of beskikbare grondwaterbronne is min of van swak gehalte. Veerkrachtigheid word gedefinieer as die vermoë van 'n organisasie om te oorleef, aan te pas en te groei te midde van onstuimige verandering en ingewikkeldheid, en die Water BCP-program is daartoe verbind om nie net die moontlikheid van "droë krane" te oorleef nie, maar ook by die nuwe realiteit van vinnige verstedeliking en die gevolge van klimaatsverandering aan te pas; en om uit die ervaring te leer. Waterveerkrachtigheid behels derhalwe robuustheid (die potensiaal om ontwigting te weerstaan sonder om te faal of beduidende funksie te verloor); die vermoë om vinnig te herstel (om na 'n skok, die stelsel vinnig na volle funksie terug te bring); om vindingryk te wees (die vermoë en gereedheid om noodsaklike mense, prosesse en

materiaal te mobiliseer wat tot, tydens en na 'n krisis benodig word); en die vermoë om aanpasbaar te wees (dit wil sê om geleenthede te skep en aksies te neem op lesse wat geleer is, om uit uitkomste te leer en planne vir toekomstige gebeurtenisse aan te pas).

Diens: Voorsiening van padinfrastruktuur

Die DVOW het padnetwerkbeplanning gefasiliteer deur geïntegreerde beplanningsvergaderinge wat deur die gesamentlike beplanningsinisiatiwe van die Departement van Plaaslike Regering en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning byeengeroep is. Direkte vergaderinge met die munisipaliteit van Swartland, Drakenstein, Overstrand, Mosselbaai en die Stellenbosch Vervoerwerkgroep het ook plaasgevind. Die DVOW het voortgesette skakeling met sleutelbelanghebbendes, soos die CoCT Vervoer en Stedelike Ontwikkelingsowerheid en SANRAL, gehandhaaf.

Op 'n projekvlak het die DVOW omgewingsassesserings en implementeringsooreenkoms met munisipale en nasionale owerhede aangegaan, insluitend agentskappe soos SANRAL, PRASA, Stad Kaapstad Elektries, Eskom en die nasionale Departement van Waterwese en Sanitasie.

Die omvattende padnetwerk bly 'n kritieke bate van die Departement, met 'n vervangende koste waarde wat meer as R100 miljard beloop. Die belangrikheid van hierdie bate vir die ekonomiese groei van die Wes-Kaap word aangedui deur die feit dat die WKR in hierdie boekjaar alleen (2018/19) R3.205 miljard aan die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur toegewys het, wat 'n beduidende deel van die DVOW se besteding uitmaak. Die netwerk dra die grootste gedeelte van die verkeer in die provinsie en bied belangrike ekonomiese verbindings tussen gemeenskappe en streke.

Werk aan die projekte wat goedgekeur is, is voortgesit op grond van hul bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping in die Batereserwfonds. Die ontwikkeling van die NOS in Saldanhabaai en die uitbreiding van die diepwaterhawe sal na verwagting tot die toenemende aanvraag na padvrag bydra.

Twee padwerkprojekte naby Saldanha sal sterk skakels tussen gemeenskappe en breër ekonomiese netwerke bied sodra dit prakties voltooi is. Die uitbreiding van die R399 naby Saldanha tot by die Port Service Corridor en die konstruksie van 'n groenveldverbinding tussen die R45 en R27 (wat na verwagting vroeg in 2020 voltooi sou wees), is reeds maande aan die gang.

Die R399-projek sluit die konstruksie van 'n nuwe sirkel by die kruising van Vredenburg en Saldanha in, 'n brug oor die spoorlyn, en 'n nuwe pad met 'n baan in elke rigting.

Die groenveldprojek verbind die R45 en R27 in die rigting van Hopefield en behels die sloping van die Vredenburg-weegbrug, konstruksie van paaie en kruisings, werk aan verskillende brûe en duikslote en die konstruksie van 'n groot wisselaar by die Vredenburg-afdraai op die R27.

Die voorlopige ontwerp vir die opgradering van die padnetwerk rondom die N1 N7 Wingfield-wisselaar is in die boekjaar voortgesit en die eerste kontrak is geadverteer. Daarbenewens is die beplanning vir die opgradering van N7 na snelwegstandaarde voltooi.

Diens: Bestuur en moniteer gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste

Die DVOW het voortgegaan om 'n busdiens in die gebied van Stad Kaapstad gedurende hierdie oorsigtydperk te subsidieer en bestuur deur sy kontrak met die Golden Arrow-busdienste (GABS). Die elektroniese monitoring van die diens het voortgegaan, wat die DVOW bemagtig om deurlopende diensverbeteringe te maak en betalings aan die operateur te verifieer.

Die subsidie word deur die toelae vir openbarevervoerbedrywe (PTOG) befonds, wat met 9.5 persent toegeneem het, laer as die gekontrakteerde betalingskoers aan die gesubsidieerde busoperator –17.52 persent. Dit het geleid tot 'n afname in die aantal kilometers wat gesubsidieer kan word, sowel as die aantal gesubsidieerde dienste wat deur die operator verskaf word. Die uitwerking van hierdie verandering was veral treffend op gebiede met 'n baie hoë diensaanvraag. Daarbenewens het die opskorting van Metrorail-dienste vir amper drie maande op die Sentrale Lyn 'n groot impak gehad, wat geleid het tot 'n merkbare toename in die aanvraag na busroetes langs die Sentrale Lyn, wat aansienlike druk op busbedrywighede gedurende spitsyd veroorsaak het.

Daar heers steeds onsekerheid oor die opdrag van verantwoordelikheid van die Kaapse Metropolitaanse-gebied se gesubsidieerde busdiens aan die Stad Kaapstad. Die Stad se aansoek word steeds deur die Minister van Vervoer oorweeg.

Die vennootskap met die Stad Kaapstad ter ondersteuning van die Dial-a-Ride-diens is in die oorsigjaar voortgesit en word as 'n suksesvolle intervensie beskou om werk te maak van sommige van die openbare vervoerbehoeftes van PSBs.

Die DVOW saam met die Munisipaliteit van George, gaan voort om sy ooreenkoms met George Link ('n privaat maatskappy wat uit voormalige taxi- en minibus-operateurs bestaan) na te kom om die "GO GEORGE"-busdiens te bestuur. Die verfyning van Fases 1, 2 en 3 van die diens is 'n voortdurende proses, met die fokus op die verhoging van busgebruikers en die verhoging van doeltreffendheid binne die stelsel.

Alhoewel daar 'n vertraging met die implementering van Fase 4 is, wat die gemeenskappe van Thembalethu, Borcherts en Parkdene moet dien, sal die gefaseerde implementering vanaf 2019/20 begin.

Daar is'n toename in passasiersritte op die bestaande diens met ongeveer 14 500 passasiersritte per dag. Met betrekking tot opleidingsinisiatiwe, het George Link in November 2018 weer met die opleiding van bestuurders begin, met die bedoeling om 'n bykomende 154 kandidate uit die minibustaxibedryf, indien beskikbaar, op te lei vir die implementering van beide fase 4-fases.

Die regering se opleidingsinisiatiewe is voortgesit met noodhulpopleiding vir 288 persone (237 George Link en 51 munisipale en WKR-personeel) en universele toegang en kliëntesorgopleiding vir 243 persone (208 George Link en 35 munisipale en WKR-personeel).

Verskeie infrastruktuurverbeteringe is gedurende die jaar onder oorsig vir die "GO GEORGE"-busdiens voltooi. Dit sluit in die vervaardiging van 'n bykomende 175 busskuilings, waarvan 107 geïnstalleer is.

Daar was voorvalle van vandalisme van busskuilings, dus sal die oorblywende skuilings eers nader aan die volgende implementering van nuwe roetes geïnstalleer word. Die herbou van paaie vir busdienste is in Caledon-, Mission-, Merriman- en Mallstraat begin en sal in die 2019/20-oorsigjaar voltooi word.

Die opgradering van Nelson Mandela-boulevard in Thembalethu is voltooi. Die George munisipaliteit is egter betrokke in 'n regsgeskil met die kontrakteur op grond daarvan dat die standaard van die werk nie aanvaarbaar is nie, en die kontrakteur het die terrein verlaat.

George Link het toestemming gekry om 18 busse van 12 meter te koop, waarvan 10 reeds in George afgelewer is.

Die DVOW is steeds sentraal in die bestuur en toesig oor die implementering van die "GO GEORGE"-diens, die finalisering van die bekendstelling en audit van die Intelligent Vervoerinligtingstelsel (ITS), en daar word aansienlike vordering gemaak met die implementering van die Outomatiese Tariefinvorderingstelsel (AFC) in November 2018.

Die DVOW het deelgeneem aan die komitee vir die veiligheid- en sekuriteitsbedrywighede van openbare vervoer, wat gedurende die oorsigjaar saamgestel is. Die gestructureerde gefasiliteerde proses tussen die DVOW en die George-munisipaliteit gaan voort met verdere besprekings oor die oordrag van die funksie van die DVOW na die munisipaliteit.

Diens: Koördineer en faciliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme

Die DVOW het geïntegreerde bewusmakingsveldtogte oor bestuurervermoeidheid gehou wat daarop gemik is om noodlottige ongelukke in die Wes-Kaap te verminder.

Die DVOW se lang lys prestasies van die verlede met die skepping van jong ambassadeurs vir verkeersveiligheid wat jare in die toekoms 'n positiewe invloed kan uitoefen, word in die volgende prestasies uitgelig:

- Leerders van tien Wes-Kaapse skole het trots vir veiliger paaie bepleit by die Nasionale Padveiligheids-debat en Deelnemende Opvoedkundigetegniek (PET)-kompetisie wat in Oktober in Gauteng gehou is.
- Leerders van Eros Spesiale Skool het die tweede plek in die debat (gestremdheidskategorie) behaal.
- Simonstad Hoërskool het derde in die PET (stedelike kategorie) gekom.

Dit is 'n hoë prioriteit vir DVOW om bewustheid te kweek oor die daaglikse gevare wat kinders op die pad het, veral jong en kwesbare mense. DVOW se Padveiligheidsbestuur (PVB) het 13 skole van die Stad Kaapstad, die Overberg-distrik en die Weskus-distrik geïdentifiseer om aan die provinsiale rondte van hierdie nasionale kompetisie deel te

neem. Padveiligheidsbestuursbeamptes van die DVOW is toe aangestel om die provinsiale wenners vir die nasionale byeenkoms voor te berei.

Diens: Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders

Die DVOW werk steeds ten nouste saam met gemagtigde munisipaliteite om die standaard van die dienste wat hulle aan die publiek lewer, te verbeter. Toetsentrums vir bestuurderslisensies (BLTS'e) kon daarin slaag om die gemiddelde tyd wat 'n lid van die publiek moet wag om 'n leerlinglisensie te bekom na twee maande te verlaag, en die wagtydperk om 'n bestuurderslisensie te bekom na drie maande. Hierdie wagtydperke word as redelik beskou aangesien hulle aansoekers in staat stel om behoorlik vir eksaminering voor te berei en kan die waarskynlikheid verlaag van 'n hoë koers van druiiping wat agterstande kan skep en wagtydperke kan verhoog.

Die DVOW verseker 'n veilige en toepaslik gereguleerde voertuig- en bestuurderpopulasie deur nakomingsinspeksies om bedrog te voorkom by toetsstasies vir voertuie (VTS'e) en BLTS'e.

Diens: Reik permitte uit vir abnormale vragvoertuie en geleenthede op openbare paaie

Die DVOW het voortgegaan om gedurende 2018/19 abnormale vragvoertuigpermitte te prosesseer en uit te reik. 'n Stelsel om die klassifikasie en registrasie van abnormale vragvoertuie meer vaartbelyn te maak, word tans ontwikkel en aansienlike vordering is reeds gemaak.

Diens: Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings

Die Provinciale Vervoerregister hou oor algemene jaarvergaderings (AJV's) van minibustaxiverenigings toesig gehou soos deur die gestandaardiseerde minimumkonstitusie van verenigings en die Wes-Kaapse Wysigingswet op Landvervoer vereis word.

Met die afhandeling van modules vir die registrasie van minibustaxi-verenigings en lede as deel van die ontwikkeling van 'n nuwe Provinciale Vervoersregulasiestelsel (PTRS), is die proses om die registrasie- en bedryfslisensie-status van verenigingslede te verifieer ter voorbereiding op AJV's aansienlik verbeter en verspoedig.

Die Departement het suksesvolle streeks- en provinsiale verkieatings vir die Wes-Kaapse tak van die South African National Taxi Council (SANTACO) gefasiliteer.

Memoranda van verstandhouding tussen die DVOW en industiestrukture wat minibustaxi-, metertaxi- en klein busoperateurs verteenwoordig, is in 2018/19 hersien.

Diens: Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbare vervoerdomein

Onwettige minibustaxibedrywighede bly kommerwekkend. Onwettige operateurs en doelbewuste belemmerings van die bedrywighede van die wettige operateurs het daartoe gelei dat die Provinciale Vervoerregister ingevolge artikel 7(A)(20) van die Wysigingswet op die WCRTA-tugmaatreëls teen 'n aantal verenigings ingestel het. Die DVOW, in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die nasionale

vervolgingsgesag (NVG), het sedertdien onderneem om die grondoorsake van hierdie konflik, insluitend oorverhandeling, roete-invalle en afpersing, te ondersoek en aan te spreek.

Konflik tussen lidverenigings en operateurs wat met die Cape Amalgamated Taxi Association (CATA) geaffilieer is, het tot geweld toegegee, met 'n aantal noodlottige skietgevalle wat direk met die konflik verband hou. In gevalle wat gewelddadige konflik en ander kriminele dade behels, het die SAPD leiding oor die bedrywe geneem, met ondersteuning van munisipale verkeers- en vervoerbeamptes om wettige en onwettige operateurs te identifiseer. In konflikgebiede soos Delft en Bellville het die Departement bemiddelingsdienste gelewer. In voorvalle van geweld by taxistaanplekke, insluitend moord en poging tot moord, het die Provinciale Vervoerregister kennisgewings ingevolge artikel 91 van die NLTA opgestel, wat die Provinciale Minister van Vervoer en Openbare Werke in staat stel om buitengewone maatreëls te verklaar, insluitend die sluiting van sekere staanplekke of roetes.

Diens: Padveiligheidskommunikasie

Die Safely Home-kalender is in 2018/19 suksesvol onderhou. Sosiale media-aktiwiteit vorm die ruggraat van die kommunikasieprogram, en volgelinge op ons Facebook-, Twitter- en YouTube-platforms het gesonde groei getoon. Die aanlyn-beïnvloederveldtog het ook begin om positiewe resultate te lewer, deur ons gehoor en betrokkenheid te laat groei.

Die DVOW het voortgegaan om die batebasis te benut van advertensies vir verkeersveiligheid wat gedurende die afgelope oorsigjaar ontwikkel is, omdat daar geen begroting vir nuwe ontwikkeling was nie. Alhoewel Safely Home nog nie in gevaar is om hul advertensies uit te put nie, moet dit egter vir die volgende oorsigjaar in ag geneem word.

Nuwe openbare veiligheidsvideo's en 'n radioveldtog is ontwikkel om bewusheid te skep rondom nuwe wetstoepassingstegnologieë, spesifiek random breath Testing (RBT), evidentiary breath alcohol testing (EBAT), en die ITIH. 'n Begrottingsinspuiting gedurende die feestyd 2018/19 het gelei tot massablootstelling van die bates aanlyn, met ondersteuning van 'n uitgebreide radioveldtog gedurende hierdie kritieke periode. Die aanlynveldtog het veral bevredigende resultate behaal en die bewusheid van die nuwe tegnologieë aansienlik verhoog.

Bykomende blootstelling gedurende die feestyd is verkry met 'n korporatiewe toelaag wat deur die departement se mediaagentskap vergemaklik is, wat vir twee maande 'n reeks vertonings van die TV-advertensie "Boys" RBT op DSTV moontlik gemaak het.

Die Departement het ook in Desember 2018 'n nuwe aanlynveldtog #PropsForCops bekendgestel wat daarop gemik is om 'n positiewe beeld van wetstoepassing in die Wes-Kaap te bevorder. Hierdie veldtog vorder steeds goed en lewer positiewe betrokkenheid.

Veldwerk vir die Safely Home Opname 4 is gedurende die oorsigjaar afgesluit, met ontleiding wat vroeg in die 2019/20-oorsigjaar voltooi is. 'n Nuwe komponent is by die opname gevoeg – DVP ITIH-evaluering.

In 'n onlangse opname onder inwoners, het 74 persent van die respondenten aangedui dat hul woonbuurt 'n beter plek is om te woon as 'n jaar gelede. Die belangrikste redes hiervoor was die nuwe sekuriteitskameras en 'n toenemende in die aantal wetstoepassers in Town 2, Khayelitsha, wat onder die Alcohol Harms Reduction Game-Changer geïnstalleer is. Veiligheidskameras het geleid tot twee inhegtenisnemings wat deur die spanne geïdentifiseer is wat die ag hoë maste in Town 2 monitor. In Julie 2018 het een van die veiligheidskameras twee mans wat 'n vrou beroof, afgeneem. Wetstoepassing het onmiddellik gereageer en die mans gearresteer.

Diens: Padveiligheidsonderrig en -bewusmakingsveldtogte

Verskeie onderwys- en bewusmakingsingrypings en -veldtogte vir skoolleerders is in skole en gemeenskappe regdeur die provinsie uitgevoer. 'n Aantalloodsprojekte het in die oorsigjaar voortgegaan, soos skolierepatrollie, skooldebatte oor verkeersveiligheid, gesprekke en dialoë, die Veiligheid in Verkeersopvoedingsprogram, sentrums vir junior verkeersopleiding (JTTC) en PETs. Leerlinglisensieprogramme is aangebied aan jongmense van die toepaslike ouderdom in voorheen benadeelde gemeenskappe om deelnemers met hul soeke na werk te help. Veranderings is aan die gang om die aanbiedingsformaat te verbeter, die eerste fase is die verkorting van die program van vyf tot drie dae, wat reeds 'n beduidende verbetering getoon het ten opsigte van individue wat die volledige program bywoon. Ander padveiligheidsveldtogte het groepe soos voetgangers, bestuurders en openbare vervoer pendelaars geteiken.

Amptenare van die PVB-direktoraat van die DVOW en die WKOD het padmerke by 'n nuwe JTTC in die WKOD-metro-Noord-streek voltooi. JTTCs is klein-skaalse gesimuleerde padomgewings waar laerskoolleerders goeie verkeersveiligheidsgewoontes en verantwoordelike padgebruik kan aanleer. In die 2018/19-oorsigjaar het PVB JTTCs in Mosselbaai, George, Worcester, Ceres, Prince Albert en die Kaapstadse metropolitaansegebied opgerig.

Baie kinders uit minderbevoorregte gebiede moet stap as hulle skool of biblioteek toe wil gaan, en om vriende en familie te besoek. Laerskoolleerders is 'n belangrike teikengehoor van die PVB omdat hulle veral as voetgangers kwesbaar is, en omdat die aanleer van goeie veiligheidsgewoontes op 'n vroeë ouderdom 'n leeftyd van voordele bied. Dit ondersteun die algemene doelwit van PVB om bewusmaking van padgevare en die belangrikheid van goeie verkeersveiligheidsgewoontes onder 'n verskeidenheid teikengehore te verhoog.

Diens: Verkeersopleiding en -ontwikkeling

Die Direktoraat: Verkeersopleiding en -ontwikkeling (geleë by Gene Louw Verkeerskollege [GLTC]) en kwaliteitsbestuur en -evaluering (QME) het geakkrediteerde opleidingsprogramme vir die eksaminator van voertuie (EOV) en eksaminatore vir bestuurslisensies (EDL) gefasiliteer, asook die Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat: Padverkeerswetstoepassing. Hierdie ingrypings word deur die Road Traffic Management Corporation asook die onderwys- en opleidingsowerheid vir veiligheid en sekuriteit (SASSETA) beheer. GLTC kon daarin slaag om die jaarlikse teiken van die getal leerders wat opgelei is te oorskry, aangesien 'n herhalingskursus op EDL by die lys van kursusse

gevoeg is, en dit het ook die teiken van die aantal leerders wat die opleiding suksesvol voltooi het, oorskry.

Die Kollege het verder daarop gefokus om 'n nouer verhouding met die Direktoraat: Verkeerswetstoepassing te bewerkstellig, wat geleei het tot die opleiding van beampies in spoedtoerusting. 'n Gemengde benadering is gevolg: die e-Leerplatform en die eerste opleidingsingryping oor gevaarlike goedere. Verdere opleiding het 'n herhalingskursus op vuurwapens ingesluit, asook die aanvang van die ontwikkeling van opleidingsprogramme via die gemengde benadering vir Hoof Proviniale-, Prinsipaal- en Senior Proviniale Inspekteurs, as deel van die fokus op loopbaanbeplanning. GLTC het voortgegaan om verhoudings met plaaslike owerhede te bevorder, wat 'n hoogte punt bereik het met die opleiding van verkeersbeampies vir Swartland Munisipaliteit.

Diens: Verkeerswetstoepassing

Terwyl die meeste privaat en openbare padgebruikers die reëls van die pad nakom, sal voortdurende en konsekwente verkeerswetstoepassing altyd nodig wees om die vinnige toename van bestuurders en motorvoertuie op ons paaie te hanteer. Verkeerswetstoepassing impakingrypings soos die uitbreiding van die DVPe, RBT en die ontplooiing van mobiele eenhede vir bewys van alkohol het gehelp om die plaag van drink en bestuur op ons paaie aan te pak. Die Direktoraat: Verkeerswetstoepassing (TLE) het die toepassing verbeter deur gebruik te maak van die hulpbronne wat deur die Integrated Intelligence Hub en sy ondersteuners, soos handtoestelle wat kritieke intydse data bekom, beskikbaar gestel word. Dit maak dit moontlik om waar nodig hulpbronne vinnig te ontplooи, en om meer effektief te beplan.

Diens: Vernude regulatoriese- en toepassingsinisiatiwe

Padongeluksterfes

In vergelyking met 2017/18, was daar 'n algehele afname in padongeluksterfes in die Wes-Kaap. Alhoewel die fietsry-tipe-padgebruiker die enigste kategorie is wat 'n toename in sterfes (36 persent) toon, bly voetgangersterfes steeds 'n groot bekommernis en verteenwoordig die hoogste bydraende faktor tot sterfes. Dit is egter bemoedigend om kennis te neem dat die statistieke in die tabel hieronder 'n vermindering van 5.3 persent in sterfes vir 2018/19 aandui vir hierdie spesifieke tipe padgebruiker.

Gedurende die afgelope jaar was die DVOW en ons vennote daaraan toegewy om die wetstoepassing-misie uit te voer deur geïntegreerde verkeers- en padveiligheidsinisiatiwe te lewer wat daarop gemik is om lewens te red. Terwyl ons ons visie nie bereik het nie: "Niemand moet op ons paaie beseer word of sterf nie", gaan ons voort om vordering te maak en waardevolle lesse te leer wat ons help om ons benadering gereeld aan te pas.

Tabel 9: Padsterftes 2017/18 en 2018/19

| Padgebruiker | 2017/18 | 2018/19 | Variansie (%) |
|-------------------------|--------------|--------------|---------------|
| Fietsryer | 16 | 25 | +36 |
| Bestuurder | 284 | 271 | -4.6 |
| Van voertuig afgeval | 13 | 3 | -76.9 |
| Motorfiets-agtersitplek | 2 | 2 | 0 |
| Motorfietsryer | 72 | 61 | -15.3 |
| Ander | 20 | 4 | -80 |
| Passasier | 362 | 343 | -5.2 |
| Voetganger | 642 | 608 | -5.3 |
| Totaal | 1 411 | 1 317 | -6.6 |

Bron: Departement van Gesondheid: Forensiese Patologiedienste

Wes-Kaapse Distrikseveiligheidsplanne

Die visie wat DVPe inlig, is: "nul sterftes en nul ernstige beserings op provinsiale paaie". DVPe wil dit doen deur al die elemente wat tot verkeersveiligheid kan bydra, saam te voeg in 'n enkele samehangende en geïntegreerde plan wat aan die werklike behoeftes op die grond voldoen. Deurlopende monitering en evaluering is in die implementeringsplan ingebou sodat lesse uit ervaring die ontwikkeling van soortgelyke planne vir die ander distrikte van die provinsie kan inlig.

As gevolg van die sukses van die loodsprojek in die Overberg wat in 2016 bekendgestel is, het die WKR in 2018 saam met die CoCT gewerk om 'n tweede DVP in die Khayelitsha / Lingeletshu-Wes-gebied te implementeer. Die klem op veiligheid van voetgangers blyk 'n besondere invloed op hierdie omgewing te hê.

Die Weskus (Suid) DVP, 'n geïntegreerde toepassing-, opvoedkundige- en ingenieursplan vir verkeersveiligheid vir die suidelike deel van die Weskus-distrik, is in Oktober verlede jaar in Moorreesburg van stapel gestuur.

DVPe vir die Weskus (Noord), N7 Noord- en Wynland-oostelike-gebiede is met alle belanghebbendes beplan wat hulself daartoe verbind het om in 2019/20 aan hierdie belangrike inisiatief deel te neem.

Mobiele voertuigtoetseenhede (VTUs)

Mobiele VTE wat deur die RTMC geborg is om TLE te help om op die plek voertuie se padwaardigheid te toets, is sedert hul implementering uiters suksesvol.

Tussen 1 Maart 2018 en 30 April 2019 is 152 VTU-geïntegreerde bedrywighede in vennootskap met die plaaslike owerhede en die SAPD uitgevoer. Die VTUs is vir 731 werksure ontplooい. 'n Totaal van 3 044 voertuie is getoets, waarvan 1 224 artikel 44 Beëindigde Kennisgewings ontvang het, en 44 geskut is. Daarbenewens, is 43 bestuurders in hegtenis geneem omdat hul onder die invloed van drank bestuur het en oor onwettige dokumentasie beskik het. Voertuigtoetsing verseker dat slegs veilige en padwaardige voertuie op die paaie toegelaat word.

Forensiese asemtoets vir alkohol en mobiele toetseenheid

Die Wes-Kaap was die eerste provinsie wat EBAT hervestig het met die vestiging van die Alkohol Bewyssentrum by die Vangate Shared Resource-sentrum in Athlone. 'n Tweede Alkohol Bewyssentrum is in Desember 2017 by die George Proviniale Verkeersentrum in die N2-streek in bedryf gestel.

Suid-Afrika se eerste mobiele Ewekansige Asemtoetseenheid is deur die Departement van stapel gestuur en word in daaglikse bedrywighede in die Overberg Distrik ontplooи. Die DVOW het die CoCT bygestaan met die ontplooiing van sy eie mobiele eenheid en het twee bykomende hergebruikte mobiele eenhede in die Weskus- en Wynland-distrikte ontplooи as deel van die TLE se feestydstrategie vir 2018.

Die implementering van daaglikse RBT-bedrywighede en naweek-alkoholbedrywighede het 'n integrale deel van ons wetstoepassingsingrypings in die Wes-Kaap geword.

Inbeslagname en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe

Verkeerswetstoepassing was by 'n aantal inhegtenisnemings betrokke met betrekking tot die besit van onwettige dwelms en onwettige mariene lewe wat tydens die 2018/19 finansiële jaar op provinsiale en nasionale roetes in die Wes-Kaap plaasgevind het.

Tabel 10: Inbeslagname en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe

| | Perle-moen (R) | Kreef (R) | Dagga (R) | Ecstasy (R) | Onwettige middels (R) | Mandrax (R) | Tik (R) | Totaal (R) |
|---------------|----------------|----------------|----------------|-------------|-----------------------|------------------|----------------|------------------|
| Beaufort-Wes | - | - | 63 500 | - | - | - | - | 63 500 |
| Brackenfell | - | - | - | - | 120 000 | - | - | 120 000 |
| Caledon | 800 000 | 720 000 | 45 010 | - | - | - | - | 1 565 010 |
| George | - | - | 5 005 | - | - | - | 100 000 | 105 005 |
| Knysna | - | - | - | 100 | - | 55 000 | - | 55 100 |
| Laingsburg | - | - | 412 000 | - | - | - | - | 412 000 |
| Mosselbaai | - | - | - | - | - | 40 | 20 040 | 20 080 |
| Somerset-Wes | - | - | - | - | - | 300 | - | 300 |
| Swellendam | - | - | 350 | - | - | - | - | 350 |
| Vredenburg | - | - | 5 900 | - | 100 | - | - | 6 000 |
| Vredendal | - | - | 1 530 | - | 2 620 | 2 700 000 | - | 2 704 150 |
| Worcester | - | - | 25 000 | - | - | - | - | 25 000 |
| Totaal | 800 000 | 720 000 | 558 295 | 100 | 122 720 | 2 755 340 | 120 040 | 5 076 495 |

Bron: DVOW Proviniale Verkeersrekords

Vermoeienis-bewusmakingsveldtog

Moegheid het 'n groot rol gespeel in die toenemende aantal padongelukke en verwante sterftes op die N1-roete. Die roete bied nie baie stoppe tussen dorpe sodat bestuurders die geleentheid het om voldoende te rus óf selfs hul reise op 'n veilige plek te onderbreek nie. Die implementering van 'n vermoeienis-bewusmakingsveldtog het die TLE gehelp om

die risiko van bestuur terwyl die bestuurder moeg is, te verminder. As deel van sy geïntegreerde taktiese benadering het die DVOW gefokus op die openbare vervoerbedryf deur die bestuursprogram vir bestuurdermoegheid. 'n Hersiene weergawe van hierdie program is oor die 2018-feestyd op die N1 tussen Paarl en Beaufort-Wes van stapel gestuur.

Hierdie nuweloodsprojek het belangrike gegewens van die DVOW se ASOD-kamera-spoedwetstoepassingstelsel, tegnologie vir voertuie (dashcams) en handtoestelle saamgevoeg. Hierdie toepassingsinstrumente kan nou gebruik word om belangrike data na te gaan wat moegheid aandui soos vertrek- en aankomsplekke, bestuurstrye, snelheidsprofielsamestelling en voertuigopsporing.

Die versameling van hierdie data laat toepassingsbeamptes toe om deur die Integrated Intelligence Hub moegheidswaarskuwings op geïdentifiseerde voertuie vir openbare vervoer uit te gee, wat se spoed van so 'n aard is dat dit daarop dui dat die bestuurders moontlik gery het sonder om 'n pouse te neem.

As voertuie geïdentifiseer is, word waarskuwings na handtoestelle verder langs die roete gestuur waar beamptes die voertuig kan stop vir verdere ondersoek. Bestuurders kan getoets word vir fisiese tekens van moegheid en hul bloeddruk kan geneem word, en glukosetoetse kan deur die mediese nooddienste gedoen word. Motoriste wat moeg is kan gedwing word om te rus voordat hul met hul reise voortgaan.

Media skakeling

Mediakommunikasie is 'n deurlopende prioriteit en 'n totaal van 716 radio-onderhoude en 16 televisie-aangeleenthede is gedurende die boekjaar met plaaslike radio- en televisiestasies uitgevoer. Spesiale uitsendings is gereeld op radio gedoen. Hierdie media-aangeleenthede het motoriste in kennis gestel van padtoestande, verkeerspatrone en ander inligting wat hul kan help om hul reise te beplan. Persvrystellings is weekliks aan plaaslike koerante uitgereik. Tersaaklike materiaal is op sosiale media-platforms gepubliseer en onder andere is daar bewusmaking geskep oor sitplekgordels, alkohol, sigbaarheid, spoed, voetgangersveiligheid en die RBT-projek. Daar was oor die 1.3 miljoen kyke oor tersaaklike materiaal op Facebook en die video #ItCanWait op YouTube het steeds die hoogste volgelingskoers onder alle soortgelyke padveiligheidsbewusmakingsvideo-materiaal wat op Twitter, YouTube en Facebook beskikbaar is.

2.2 Diensleweringverbeteringsplan (SDIP)

Diensleweringverbeteringsplan

Die DVOW het 'n DLVP ontwikkel vir die MTUR-tydperk 2018/19 – 2020/21 wat geïnformeerd is deur sy Strategiese Plan: 2015/16 – 2019/20 en ooreenstem met sy JPP 2018/19. Die DLVP het ten doel om werk te maak van die volgende twee diensverbeteringsareas: PVB en Vervoerregulasies.

Diens 1 vir PVB: Implementeer en koördineer opvoedings- en bewusmakingsprogramme vir verkeersveiligheid

Die verandering van padgebruikersgedrag deur wetstoepassing, opvoeding en bewusmaking en ingenieursingrypings is noodsaaklik om 'n veilige padomgewing te verseker. Ter ondersteuning van die Nasionale Padveiligheidstrategie 2016 – 2030, moet opvoeding en bewusheid kinders en jeug teiken waar ingrypings vir gedragsverandering die doeltreffendste kan wees om verantwoordelike sosiale gedrag te vestig. Die diensverbetering het beoog om 'n verandering in gedrag van padgebruikers te bevorder deur 'n toename in die ingrypings van bewusmaking oor padveiligheid van 'n basislyn van 420 in 2017/18 tot 480 in 2020/21. Die geteikende aantal ingrypings vir 2018/19 was 440 en 'n werklike prestasie van 573 ingrypings is aangeteken.

Die inkrementele implementering van JTTCs is geïdentifiseer as 'n verbeteringsarea om kinders van voorskoolsevlak oor veiligheid op paaie te leer. In die 2018/19-oorsigjaar het die Direktoraat: PVB JTT's opgerig by laerskole in Mosselbaai, George, Worcester, Ceres, Prince Albert en in die Kaapstadse metropolitaanse-gebied. Van ses JTTCs in die Wes-Kaap in 2017/18, is daar nou aan die einde van 2018/19 twaalf.

Om met die vierde industriële rewolusie tred te hou, is 'n Moodle-platform op die been gebring om die leerlinglisensieprogram van 'n fisiese handleiding na digitaal te omskep. 'n Gedeelte van die K53-leerstof is gedurende 2018/19 deur die Sentrum vir e-innovasie by DvdP omskep. Die program sal in die 2019/20-oorsigjaar voortgaan.

Navorsing bewys dat die gebruik van bestuursimulasie in die opleiding van beginners, veilige bestuur baie kan verbeter. In hierdie verband is 'n finansieringsvoorstel deur die Vernuwingsfond vir R100 000.00 goedgekeur wat deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme bepleit is, om die moontlikheid van 'n simulasieprogram in die Wes-Kaap te ondersoek.

Tabel 11: Hoofdienste verskaf en standarde

| Hoofdienste | Begunstigdes | Area van prestasie | Basisjaar: 2017/18 | Verlangde diensstandaard: 2018/19 | Werklike prestasie: 2018/19 |
|---|--|---|--|---|---|
| Implementeer en koördineer opvoedings- en bewusmakings-programme vir verkeersveiligheid | Die algemene publiek, die jeug en leerders by skole. | Opvoedings- en bewustheidsingrypings vir verkeersveiligheid | 420 | 440 | 573 |
| | | Vermeerder die aantal JTTCs | Ses (6) JTTCs, verspreiding in een (1) sentrum per distrik | Twee (2) JTTCs per distrik | 6 JTTCs behaal in 2018/19 (altesaam 12 JTTC's in provinsie). |
| | | Digitaliseer die leerlinglisensie-opleiding | Die leerlinglisensie-opleiding en -toets word met die hand uitgevoer met gebruik van harde kopieë. | Doen uitvoerbaarheidstudie van digitalisering | Uitvoerbaarheid is uitgevoer waarna 'n Moodle gestig is en 'n gedeelte van die K53-leerstof gedigitaliseer is. Verder is 'n vernuwingsoorlaag om 'n uitvoerbaarheidstudie van 'n simulasié-program te finansier, goedkeur en die program sal in 2019/20 begin. |

Tabel 12: Diens een: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (agt beginsels: oorlegpleging, toegang, ens.)

| Huidige reëlings: 2017/18 | Verlangde reëlings 2018/19 | Werklike prestasie 2018/19 |
|--|--|---|
| Oorlegpleging: <ul style="list-style-type: none"> • Hoëskoolleerders (17 jaar en ouer); • Werklose jeugdiges in minderbevoordekte gebiede (18 tot 35); • Interns; • Verwysings deur nie-regeringsorganisasies (NROs) en ander. | Oorlegpleging: <p>Verbeter oorlegpleging met die volgende minderbevoordekte groep:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deelsgeletterde plaaswerkers; • Disleksiese kliënte. <p>Betrek Hoofdirektoraat: Padnetwerkbestuur om die loods van die program te help.</p> <p>Betrek ander, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skoolbeheerliggame; • onderwysers; • leerders; • Forum vir padveiligheid in die distrik; • Forums vir padveiligheid vir die jeug van die distrik. | Oorlegpleging: <p>Die gewenste standaard is bereik.</p> <p>Die verbintenis is verbeter, maar daar moet op gelet word dat die forums vir padveiligheid vir die jeug van die distrik nie in werking is nie.</p> |
| Standaard van diens: <p>Goedgekeurde leerlinglisensie-opleiding word vier (4) weke nadat die aansoek ontvang is, aan die aansoeker voorsien.</p> <p>Die aansoeker moet drie (3) weke voordat die opleiding begin, antwoord gee.</p> | Standaard van diens: <p>Goedgekeurde leerlinglisensie-opleiding word drie (3) weke nadat die aansoek ontvang is, aan die aansoeker voorsien.</p> <p>Die aansoeker moet binne twee (2) weke voordat die opleiding begin 'n antwoord gee.</p> | Standaard van diens: <p>Die gewenste standaard is behaal.</p> |
| Hoflikheid: <p>Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verslag en maklike toegang tot direktoraatbestuur; • Departementele kommunikasie | Hoflikheid: <p>Handhaaf standaard.</p> | Hoflikheid: <p>Huidige standaard gehandhaaf.</p> |

| Huidige reëlings: 2017/18 | Verlangde reëlings 2018/19 | Werklike prestasie 2018/19 |
|---|---|-----------------------------------|
| Toegang: | Toegang: | Toegang: |
| Die JTTC-diens is toeganklik in al ses (6) distrikte in die provinsie; een (1) sentrum per distrik. | Verhoog die toeganklikheid van JTTC-dienste met een (1) diens per distrik. | Die gewenste standaard is behaal. |
| Die leerlinglisensie-opleiding en -toets word met die hand uitgevoer met behulp van harde kopieë in al ses die distrikte in die provinsie. | Ondersoek om die opleiding en toets van leerlinglisensies toeganklik te maak vir: <ul style="list-style-type: none"> • Deelsgeletterde plaaswerkers, • Disleksiese kliënte. | Die gewenste standaard is behaal. |
| Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: |
| Skole word 'n jaar vooruit per distrik deur die betrokke Koördinerende Komitee vir Distrikspadverkeersbestuur (DRTMCC) geïdentifiseer vir die JTTC-ingryping. | Skole word 9 maande vooruit per distrik deur die betrokke Koördinerende Komitee vir Distrikspadverkeersbestuur (DRTMCC) geïdentifiseer vir die JTTC-ingryping. | Die gewenste standaard is behaal. |
| Insette van kliënte vir leerlinglisensie-opleiding en -toets word verkry deur provinsiale padveiligheidsbeamptes (PRSOs) wat per distrik toegeken word. | Insette van kliënte vir leerlinglisensie-opleiding en -toets word verkry deur provinsiale padveiligheidsbeamptes (PRSOs) wat per distrik toegeken word en per hand opgeneem word. | Die gewenste standaard is behaal. |
| Waarde vir geld: | Waarde vir geld: | Waarde vir geld: |
| Daar is tans geen geld beskikbaar vir meer as een (1) JTTC per distrik nie. | Ondersoek koste-effektiewe maniere om in die behoeftes van JTTCs te voorsien wat spesifiek verband hou met die verkryging van materiale (padtekens) en verf. | Die gewenste standaard is behaal. |
| Baie leerders wat hul toetse slaag, kan nie die praktiese lesse vir bestuurslisensies betyds bekostig nie en hul leerlinglisensies verval. | Die koste van brandstof, voertuigonderhoud, herstelwerk en instrukteurskoste vorm 75 - 80 persent van die koste van rylesse in 'n regte motor. Ondersoek die koste-effektiwiteit van die gebruik van 'n simulasie om 'n goedkoper manier te bied om praktiese bestuursopleiding te kry. | Die gewenste standaard is behaal. |

Tabel 13: Diensinligtingsinstrument

| Huidige/werklike inligtingsinstrument | Verlangde inligtingsinstrument | Werklike prestasies |
|---|--------------------------------|-------------------------------|
| Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> • Internet en Intranet; • Openbare vergaderings; • Uitstallings; • Bewusmakingsingryppings; • Radio-advertensies; • Sosiale media; • Pamflette; en • Brosjures. | Handhaaf standaard. | Huidige standaard gehandhaaf. |

Tabel 14: Klagtemeganisme

| Huidige/werklike klagtemeganisme | Verlangde klagtemeganisme | Werklike prestasies |
|--|--|--|
| Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer: <ul style="list-style-type: none"> • Direk met die bestuur; en • Op die webwerf. | Ondersoek die integrasie van geïdentifiseerde uitdagings vir verkeersveiligheid in die bedrywighede van bestaande gemeenskapspolisieforum in die Overberg-distrik. | Die gewenste standaard is behaal. Dit is uitgebrei na die Weskusdistrik en Kaapse Wynlanddistrik. |

Diens 2 vir vervoerregulasie: Lewer lisensiërdienste aan openbare vervoeroperateurs

Daar is gevind dat onwettige openbare vervoerbedrywighede 'n bydraende faktor tot konflik in die openbare vervoerbedryf is, wat gewoonlik geassosieer word met 'n waargenome ondoeltreffende aansoekproses vir permitte, selfs al word aansoek binne 60 dae verwerk, aansienlik vinniger as die wetlike vereiste van 90 dae. Die tegniese aard van die aansoekproses vereis dat die tegniese aspekte aan huidige en voornemende operateurs verduidelik word. Die behoefté aan hierdie soort interaksie vereis 'n georganiseerde kliëntediensomgewing.

Vangate Vangate Shared Service Centre (VSSC) is 'n voorste dienspunt wat regulatoriese funksies vir openbare vervoer aan die openbare vervoersektor lewer. Die ervarings van dié wat diens by die VSSC ontvang is 'n kritieke komponent in die meting van die departement se prestasie. Die beoogde diensverbeterings vir 2018/19 bestaan uit:

- 'n verbeterde stelsel om diegene wat wag beter te beheer;
- die aanbring van handelsmerje by die VSSC-gebou; en
- 'n navorsingsgeskikte Citizen Interaction Management System.

Gedurende die oorsigtydperk is 'n nuwe stelsel om diegene wat wag beter te beheer ("Queue Management System") geïnstalleer. Die nuut geïnstalleerde stelsel bied 'n gekontroleerde omgewing, digitale aanwysingsborde, visualisering van die wagarea, terugvoering van klante en intydse data wat deur die bestuur gebruik word om die bedryfsdoeltreffendheid voortdurend te verbeter.

Die handelsmerk is in oorleg met Korporatiewe Kommunikasie ontwikkel en gedurende die oorsigjaar goedgekeur. Verkryging is vir die 2019/20-oorsigjaar geskeduleer.

Oorlegpleging met die provinsiale transversale kontaksentrum vra steeds vir 'n lewensvatbare oplossing om interaksieplatforms soos e-pos, boodskappe en sosiale media uit te brei wat spesifiek ontwerp is vir klante van die operateur.

Die onderstaande tabelle lig die prestasies van die Departement se DLVP in 2018/19 aan.

Tabel 15: Diens Twee: dienste verskaf en standaarde

| Hoofdienste | Begunstigdes | Area van prestasie | Basisjaar: 2017/18 | Verlangde diensstandaard: 2018/19 | Werklike prestasie: 2018/19 |
|--|---|--|---|---|---|
| Lewer lisensiërdienste aan openbare vervoeroperateurs. | Minibus-taxibedryf, huurvervoer, skoolvervoer, meter taxi's, langafstandvervoer, klein busse, Uber-operateurs en toerisme-operateurs. | Aanbring van handelsmerje by die VSSC-gebou | Eksterne handelsmerke – Geen Interne handelsmerke voldoen nie aan die WKR-riglyne vir korporatiewe identiteit nie | Goedgekeurde interne en eksterne handelsmerkspesifikasies | Interne en eksterne handelsmerke met spesifikasies is ontwikkel, geraadpleeg en goedgekeur. Die proses vir die goedkeuring van die naam van die fasiliteit in ooreenstemming met die provinsiale beleidsriglyne is begin en sal in die 2019/20-oorsigjaar voortgesit word. |
| | | Verbeterde stelsel om diegene wat wag beter te beheer klank en skerm | Huidige stelsel is nie in werking nie | Spesifikasie ontwikkel en verkry Queue Management System | Spesifikasies vir besigheidsvereistes is voltooi en goedgekeur. Die Queue Management System is geïnstalleer en werk met 'n geldige instandhoudingsplan. 'n Voorstel om ander kantore van die Provinciale Regulatoriese Entiteit (PRE), veral die kantoor van George, te verbeter, is deur die PSD 5-werkgroep goedgekeur om in die 2019/20-oorsigjaar geïmplementeer te word. |
| | | Bestuur van kliëntediens-interaksie | Geen formele kliëntediens-interaksie in plek | Betrek Transversale Kontaksentrum: e-Government for Citizens (EG4C) | 'n Doeltreffende bestuur van kliënte-interaksies is met EG4C ondersoek. Verdere ondersoeke sal in 2019/20 voortduur, aangesien daar menslike hulpbronne en finansiële implikasies is. Behoorlike navorsing is nodig om ingeligte besluit te neem. |

Tabel 16: Diens Twee: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (agt beginsels: oorlegpleging, toegang, ens.)

| Huidige reëlings: 2017/18 | Verlangde reëlings 2018/19 | Werklike prestasie 2018/19 |
|---|--|---|
| Oorlegpleging: Operateurs kontak personeellede op direkte uitbreidingsnummers. | Oorlegpleging: Installeer 'n Queue Management System om interaksie met klante aan te teken. Betrek EG4C se transversale kontaksentrum om 'n kliënt-interaksie model op te stel wat by VSSC pas. | Oorlegpleging: Die gewenste standaard is behaal. Die gewenste standaard is behaal. |
| Toegang: Stap in by VSSC. Aanlyn: laai vorms af en druk uit net vir nuwe aansoeke. Betaling deur elektroniese fondsoorplasing (EFO) en stuur per e-pos bewys van betaling. | Toegang: Handhaaf standaard. | Toegang: Huidige standaard gehandhaaf. |
| Hoflikheid: Gedrag van werknemers word gerapporteer aan die onmiddellike toesighouer wat op die vloer beskikbaar is. | Hoflikheid: Installeer terugvoertoetsbordjies om kliëntterugvoer te kry. | Hoflikheid: Die gewenste standaard is behaal. |
| Openheid en deursigtigheid: Deur die Provinciale Registrateurskantoor Gesamentlike beplanningsinisiatiewe. | Openheid en deursigtigheid: Kry insette van die kliënt op die Queue Management System. | Openheid en deursigtigheid: Die gewenste standaard is behaal. |
| Waarde vir geld: Die PRE het bedrywighede verbeter, die doeltreffendheid van die stelsel verbeter, kommunikasie versterk en prosesse gestandaardiseer. | Waarde vir geld: Gebruik die kontroleskerm/ Queue Management System om data te trek om bedrywighede te verstaan. Publiseer prestasierekords. | Waarde vir geld: Die gewenste standaard is behaal. |

Tabel 17: Diens Twee: Diensinligtingsinstrument

| Huidige/werklike inligtingsinstrument | Verlangde inligtingsinstrument | Werklike prestasies |
|--|--|-----------------------------------|
| Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> • Instapsentrum; • Webwerf; • Staatskoerant; • Telefoon; en • E-pos. | Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> • Vertoonskerms met inligting wat verander by die Instapsentrum; en • Aankondigings by die Instapsentrum. | Die gewenste standaard is behaal. |

Tabel 18: Diens Twee: Klagtemeganisme

| Huidige/werklike klagtemeganisme | Verlangde klagtemeganisme | Werklike prestasies |
|--|--|-----------------------------------|
| Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer: <ul style="list-style-type: none"> • Die kantoor van 'n "diensleweringsbeampte" op die grondvloer; • E-pos; • Telefoon; en • Klagtes-webwerf wat deur die PRE gemonitor word. | Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer: <ul style="list-style-type: none"> • EG4C. | Die gewenste standaard is behaal. |

Tabel 19: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting ingevolge artikel 46 vergun

| No. | Besonderhede van inligting versoek | Datum waarop versoek ontvang is | Datum waarop uitstel vergun is* | Datum waarop versoek toegestaan is |
|-------------|---|---------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|
| 1/2018/2019 | Versoek inligting oor die volgende: Tender S090/2017: BAC-verslae asook die evalueringspuntelys | 19.04.2018 | n.v.t. | 01.06.2018 |
| 2/2018/2019 | Alle lisensies uitgereik aan (en geldig) Autopax Passenger Services (reg no 1995/000861/30) | 16.05.2018 | n.v.t. | 25.06.2018 |
| 3/2018/2019 | Tenderdokumente vir Helen Bowden Nursing Home, Woodstock-hospitaal en Tafelberg Skool | 06.06.2018 | 04.07.2018 | 15.08.2018 |

| No. | Besonderhede van inligting versoek | Datum waarop versoek ontvang is | Datum waarop uitstel vergun is* | Datum waarop versoek toegestaan is |
|--------------|---|---------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|
| 4/2018/2019 | Moontlike taxi-permitte wat op die oorledene se naam toegeken is | 07.06.2018 | n.v.t. | 12.07.2018 |
| 5/2018/2019 | Besluitbrief vir verskillende bedryfspermitte | 29.06.2018 | n.v.t. | 25.07.2018 |
| 6/2018/2019 | Versoek om inligting: Permitte | 13.07.2018 | n.v.t. | 16.08.2018 |
| 7/2018/2019 | Versoek om inligting: Permitte | 20.07.2018 | n.v.t. | 14.09.2018 |
| 8/2018/2019 | Versoek om inligting: Alle dokumente met betrekking tot Tender S026/18 Voorgelê deur Cape Automation Systems | 07.09.2018 | n.v.t. | 16.10.2018 |
| 9/2018/2019 | Versoek om inligting: volledige evalueringsverslae vir kontraknommers: C1029; C1080; C1089; C1091; C1096; C1098 | 19.09.2018 | n.v.t. | 16.10.2018 |
| 10/2018/2019 | Versoek om inligting: Goedkeurings verleen ten opsigte van alle toepaslike verkeersirkels en padtoegange in die George-omgewing | 16.10.2018 | n.v.t. | 14.11.2018 |
| 11/2018/2019 | Versoek om inligting: Registrateur se redes vir die beslissing om die operateurlisensiëringsversoek vir die United Taxi Association af te wys | 21.11.2018 | n.v.t. | Lopend |
| 12/2018/2019 | Versoek om inligting: Ondersoek van die Mededingingskommissie na die land-gebaseerde openbare vervoer industrie | 27.11.2018 | 19.03.2019 | Lopend |
| 13/2018/2019 | Versoek om inligting: Permitte | 04.12.2018 | n.v.t. | 12.03.2019 |
| 14/2018/2019 | Versoek om inligting: Permitte | 30.11.2018 | 03.02.2019 | 06.02.2019 |
| 15/2018/2019 | Evidential breath test | 11.12.2018 | 09.02.2018 | 28.02.2019 |
| 16/2018/2019 | WTW: Hofbevel | n.v.t. | n.v.t. | 27.12.2018 |
| 17/2018/2019 | Rekord van die besluit om nie die kwotasieversoek aan Praxos 237cc te voorsien nie | 31.12.2018 | 01.03.2019 | 11.03.2019 |
| 18/2018/2019 | Afskrifte van alle geldige bedryfslisensies wat aan Chilwans Coach Lines (SA) CC met registrasienommer 2001/004214/07 uitgereik is | 18.01.2019 | 14.02.2019 | 19.03.2019 |
| 19/2018/2019 | Tenderprosesdokumente en aanbodresultate op Behalf van Rustic Living Trading 155 PTY LTD | 21.01.2019 | n.v.t. | 04.03.2019 |

| No. | Besonderhede van inligting versoek | Datum waarop versoek ontvang is | Datum waarop uitstel vergun is* | Datum waarop versoek toegestaan is |
|--------------|--|---------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|
| 20/2018/2019 | Versoek om verskillende permitte vir verskillende permithouers | 30.01.2019 | 30.03.2019 | Lopend |
| 21/2018/2019 | Versoek om registrasie van die Rooikamp Ceres-taxivereniging ingevolge artikel 7A | 21.02.2019 | 19.03.2019 | 29.03.2019 |
| 22/2018/2019 | Afskrifte van alle inligting rakende Permit OLB1891427/0 | 26.02.2019 | - | Lopend |
| 23/2018/2019 | Alle verslae en / of verkeersingenieursverslae oor die kruising van die R399 en die pad na St Helena gedurende die periode 2005 en 2019. | 04.03.2019 | - | Lopend |
| 24/2018/2019 | Versoek om inligting: N2 Express Surveys en Market Share Determination | 21.02.2019 | n.v.t. | Saak gekanselleer |
| 25/2018/2019 | Alle permitte / lisensies uitgereik deur die Wes-Kaapse Regulerende Entiteit aan Linereagle | 22.03.2019 | - | Lopend |
| 26/2018/2019 | Alle permitte / lisensies uitgereik deur die Wes-Kaapse Regulerende Entiteit aan Cream magenta 326 | 22.03.2019 | - | Lopend |
| 27/2018/2019 | Alle permitte / lisensies uitgereik deur die Wes-Kaapse Regulerende Entiteit aan Classy Trade and Invest 9 | 22.03.2019 | - | Lopend |
| 28/2018/2019 | Transkripsies van verhore van die Provinciale Regulerende Entiteite op die verhoordatums 26 Oktober 2017 en 29 November 2017 | 27.03.2019 | - | Lopend |

Let wel: Uitstel vergun ingevolge artikel 26 van PAIA.

2.3 Organisatoriese omgewing

Herstrukturering

Die makro- en mikro-struktuurbelyning was nie gedurende die verslagtydperk geskeduleer nie. DvdP Organisatoriese Ontwikkeling is besig met die hersiening van die ondersteuningstruktuur van die HOD, die Klanteverhoudinge-eenheid (CRU) en Departementele Kommunikasie, met spesifieke fokus op die proses rakende die programkantoor, insluitend die strategiese impak van die kantoor. Daarbenewens moet die CRU-funksies ondersoek word, met die fokus op die volumes en konteks van DVOW-funksies/ verbetering van die CRU/ streekkantoor-model, asook die OHS/ sekuriteitsfunksies wat relevant is, maar nie beperk tot rol- en funksionele verklaring nie.

Organisasie-ontwerp-ingrypings is in die oorsigjaar in die Hoofdirektoraat: Padnetwerkbestuur voortgesit. Die voorgestelde organisatoriese strukturele veranderinge vir die Afdeling: Paaie is gedurende Januarie 2019 vir eksterne konsultasie deur Provinciale Minister Grant goedgekeur. Die voorstel is tans by arbeid om met sy lede te konsulter.

Goedkeuring is verkry vir die voorstelle op die wysiging van die struktuur van die Hoofdirektoraat: Staatsmotorvervoer, Subdirektoraat: Bestuursondersteuningsdienste om kapasiteit te vergroot ten opsigte van ICT-funksies wat nie deur Cel verrig word nie.

Organisatoriese uitdagings

Alhoewel daar 'n beperkte groep potensiële kandidate was om van te kies, veral in die sektor vir bebuude omgewings, is daar te min aansoeke ontvang vir poste wat in die Departement aangebied word. Dit beteken dat die DVOW voortgegaan het om aan die een kant op verouderende ervare vakkundiges staat te maak en aan die ander kant op nuwe gegradeerde met beperkte ervaring. DVOW het goeie vordering gemaak om te verseker dat bepaalde teikens bereik word. Die grootste uitdaging is om die dienste van aangewese groepe, veral mense met gestremdhede, te lok en te behou in die lig van die aanvraag na werknekmers van aangewese groepe op die arbeidsmark.

Die DVOW word ook gekonfronteer met die uitdaging om personeellede wat tans op die beroepspezifieke bedeling (BSB) -vlak werk, in hul senior bestuurspan in te werf wat die vermoë het om in 'n funksionele bestuursomgewing te werk. Die oorgang van die een bedeling na die ander (BSB na nie-BSB) word egter as 'n loopbaanverandering beskou. Dit beteken die salaris- en loopbaanaansporings verbonde aan die pos in die ander bedeling bly in plek, wat kan beteken dat die persoon 'n laer salaris vir 'n vaardiger werk sal moet aanvaar. Die CSC het hierdie kommer aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DPSA) gekommunikeer en wag op 'n antwoord.

In die TLE-omgewing kompeteer DVOW met plaaslike owerhede om gegradeerde van sy eie Gene Louw Verkeerskollege te lok.

Organisatoriese suksesse

Bemagtiging bly oor alle funksies en programme hoog op die DVOW-ontwikkelingsagenda. Gedurende die oorsigjaar het 109 personeellede ondersteuning via die interne beursskema ontvang. 'n Totaal van 1 832 opleidingsingrypings is via die Work

Place Skills Plan aan werknemers verskaf, en 73 werknemers het e-Learning-programme bygewoon. In die oorsigjaar is altesaam 59 in die Departement geplaas. Altesaam 303 nuwe aanstellings is gedurende die jaar gemaak, en 209 van die persone wat aangestel is, het die verpligte induksieprogram binne hul proefjaar ondergaan.

Die numeriese teikens ingevolge die DVOW-goedgekeurde Diensbillikhedsplan (EE): 2017 – 22 vir die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2019 (Jaar 2 van die EE-plan) word in die tabel hieronder aangedui.

Tabel 20: Diensbillikhedsteikens 1 April 2018 tot 31 Maart 2019

| Beroepsvlak | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|--|------------|------------|-----------|------------|------------|------------|----------|------------|---------------------|----------|--------------|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Top bestuur (Vlakte 15-16) | 0 | 1 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 5 |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | 6 | 13 | 3 | 13 | 4 | 9 | 0 | 5 | 0 | 0 | 53 |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakte 9-12) | 53 | 100 | 6 | 67 | 60 | 70 | 0 | 24 | 0 | 0 | 350 |
| Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne (Vlakte 6-8) | 196 | 346 | 4 | 106 | 165 | 296 | 4 | 84 | 0 | 0 | 1 201 |
| Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakte 3-5) | 92 | 158 | 2 | 39 | 77 | 141 | 2 | 37 | 0 | 0 | 548 |
| Ongekwalifiseerde en omskrewe besluitneming (Vlakte 1-2) | 163 | 170 | 1 | 21 | 64 | 92 | 1 | 15 | 0 | 0 | 527 |
| Totaal | 510 | 788 | 16 | 249 | 370 | 608 | 7 | 166 | 0 | 0 | 2 714 |
| Tydelike werknemers | | | | | | | | | | | |
| Groot totaal | 510 | 788 | 16 | 249 | 370 | 608 | 7 | 166 | 0 | 0 | 2 714 |

S = swart, B = bruin, I = Indiër, W = wit.

In die verlede het die Departement konsultante gebruik om kapasiteit te bied waar daar tegniese vakatures was. Vanweë begrotingsbeperkinge was die opsie egter nie meer beskikbaar nie, en 'n ywerige werwingspoging is ingestel om vakatures te vul. Dit was van kritieke belang om al hierdie poste te vul om die voortgesette dienslewering van WKR-onderwysfasiliteite te verseker. 'n Aantal tegniese vakatures is geadverteer en geleentheid is aan kontrakteurs gegee om aansoek te doen. Waar voldoende vaardighede ingekontrakteer is, is kontrakte nie hernu nie.

Vroue vorm tans 37 persent van die Seniorbestuursdienste (SMS), onder die nasionale teiken van 50 persent. Gedurende die oorsigjaar het die aantal vroue in SMS met twee toegeneem.

Die totale verteenwoordiging van PWD is steeds 1,1 persent, onder die nasionale teiken van 2 persent. Die Departement sal voortgaan met die openbaarmaking van gestremdhede om personeel met gestremdhede aan te moedig om dit bekend te maak.

Die DVOW bestuur sedert 2010/11 sy eie ontwikkelingsprogram vir gegradsueerdees en het begin om tegniese- en ingenieursgegradueerdees te vervaardig wat aangemoedig kan word om deur die normale werwingsproses vir permanente poste in die Departement aansoek te doen.

Die Masakh'iSizwe-beursprogram fokus op die ontwikkeling van skaars en kritieke vaardighede deur dit aan te lok en te faciliteer om aan die bedryfsbehoeftes van die Departement te voldoen, deur finansieel benadeelde jeugdiges te teiken. Dit word aangevul deur die beurs-gesamentlike-onderneming (Bursary Collaborative Venture) met die privaatsektor om hulpbronne te deel ter ondersteuning van sosio-ekonomiese ontwikkeling, om vaardigheidstekorte in die sektor aan te spreek, en om geleenthede vir leer en indiensneming te maksimeer. Gegradsueerdees van Masakh'iSizwe word deur die professionele ontwikkelingsprogram begelei en ontwikkel om aan die vereistes van die betrokke statutêre liggame vir professionele registrasie te voldoen. Die sukses van die program hang deels af van die toewyding van mentors om kandidate op te lei en te ontwikkel, dus teken elkeen 'n verbintenis en onderneem om dit wat vir die sukses van die proses nodig is, te voorsien. Die assessering en evaluering van die kandidate se blootstelling, opleiding en ervaring om te bepaal wat hul vaardigheidsvlakke en opleidingsbehoeftes is, is fundamentele mentorlewerings. Onder leiding van 'n mentor ontvang kandidate toepaslike opleiding om te verseker dat professionele registrasie binne die tydsraamwerk bereik word wat deur die betrokke professionele liggaam bepaal is.

Bedankings/ aanstellings

Gedurende die oorsigjaar is vyf amptenare van binne die Departement tot SMS-posisies op salarisvlak 13 bevorder. Twee van hierdie amptenare is vroue, en een het 'n gestremdhed.

Die Hoofdirekteur: Padnetwerkbestuur het aan die einde van April 2018 afgetree, maar die Departement het dit nodig geag om die dienste van die amptenaar vir 'n periode van een jaar te behou om die verpligte en strategiese verpligtinge van die DVOW na te kom, en vaardighede en kennis oor te dra.

Stakings

Geen DVOW-werknemers het aan die busstaking op 25 April 2018 óf die loononderhandelingstaking op 11 Junie 2018 deelgeneem nie.

Stelfalfings

Die Departement het 'n stelfalfout ondervind met die funksies van die Supplier Invoice Tracking System (SITS) op MyContent. Die rede wat die Center for e-Innovation (Ce-I) vir die mislukking verskaf het, is dat die tegniese span die sagteware bygewerk het, en drie weergawes oorgeslaan het om by die nuutste weergawe uit te kom. Die span pas nou elke bywerking op een slag toe om te voorkom dat die probleem herhaal word.

Gevalle van bedrog of korruptie

Gevalle van bedrog of korruptie vir die oorsigjaar word in die provinsiale forensiese diens (PFD) se sertifikaat oor vordering met sake hieronder beskryf.

Tabel 21: Gevalle van bedrog en korruptie, 2018/19

| Gevalle | Aantal gevalle |
|---|----------------|
| Onafgehandelde sake soos op 1 April 2018 | 9 |
| Nuwe sake (2018/19) | 5 |
| Afgehandelde sake (2018/19) | (8) |
| Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2019 | 6 |

2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

Die Wes-Kaap Wysigingswet op Provinciale Verkeersadministrasie is in 2016 in konsepvorm vir openbare kommentaar gepubliseer. Dit het gevvolglik verval en sal na die kabinet teruggaan vir goedkeuring om die wetsontwerp weer in te stel.

3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

Die Departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings, en vordering wat gemaak is om die teikens in die vyfjaar-strategiese plan: 2015/16 – 2019/20 te behaal, word hieronder uiteengesit.

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.

Doelstellingverklaring:

Om deur ontwikkelingsprogramme en infrastruktuurinvestering in die Wes-Kaap bemagtiging en werkskepping teen 31 Maart 2020 te maksimeer.

Regverdiging:

Strategiese intervensie wat deur alle regeringsfere geïdentifiseer is om die oogmerk om werkloosheid en armoede te halveer ooreenkomsdig met die nasionale ontwikkelingsplan.

Koppelings met PSD:

Provinciale strategiese doelwitte 1; 2; 4 en 5.

Die Departement sorg steeds vir 'n betekenisvolle deelname van werklose jeugdiges aan die bemagtigings- en werkskeppingsgeleenthede wat uit sy mandaat voortspruit. Beleggings in hierdie verband dra by tot die doelwit van die WKR Skills Game-Changer.

Opleidingsgeleenthede in konstruksieverwante-ambagte is voortgesit as deel van die NJD se jeug in konstruksie-programme wat werklose jeugdiges se deelname aan die beboude omgewing en die konstruksiebedryf teiken. Opleiding het voortgegaan deur die vakmanskapprogram in die meganiese-, elektriese- en ingenieurswese-veld.

Die implementering van die CDP wat opkomende kontrakteurs teiken, het bygedra tot hul vermoë om die werk professioneel te verrig, wat sakevaardighede, bestuur en aanbiedings betref.

Die bemagtiging van taxi- en busoperateurs en die vele opleidings- en bewusmakingsprogramme vir beide die taxi- en bussektors is daarop gemik om die vermoë en professionaliteit van hierdie bedryf te bemagtig en ontwikkel, terwyl die doeltreffendheid van die openbare vervoerstelsel verbeter word.

Die koördinering van die UOWP in die Wes-Kaap het verseker dat nasionaal vasgestelde teikens vir werkgeleenthede bereik word. Ondersteuningstrategieë word by die UOWP-implementeringsliggame in die provinsie geïmplementeer ten einde die gestelde teikens te bereik.

EMPIAs is afgesluit vir departementele kapitaalprojekte met 'n kontrakwaarde van meer as R5 miljoen en 'n aantal van hierdie projekte is onderwerp aan monitering en evaluering om te bepaal of die bemagtigingsdoelwitte bereik is.

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.

Doelstellingverklaring:

Om provinsiale infrastruktuur en akkommodasie te faciliteer, te beplan, te ontwerp, te ontwikkel en te lewer en om die lewensiklus van die provinsiale eiendomsportefeuje strategies te bestuur ten einde sosio-ekonomiese groei in die Wes-Kaap teen 31 Maart 2020 te ontsluit.

Regverdiging:

Infrastruktuurlewering en batebestuur van die provinsiale eiendomsportefeuje is 'n vereiste vir die ontsluiting van sosio-ekonomiese groei.

Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 3; 4 en 5.

Die DVOW gaan voort met hul soektag na volhoubare oplossings vir die verskaffing van veerkratige infrastruktuur wat voldoende op klimaatsverandering en ander omgewingsuitdagings kan reageer. Die infrastruktuurnorme en -standarde wat aanvaar is, demonstreer die toewyding van die DVOW tot groenbeginsels in algemene-, gesondheids- en onderwysinfrastruktuur, insluitend die reaksie op die waterkrisis.

Die historiese agterstand in die instandhouding van sosiale infrastruktuur vereis onmiddellike aandag en die fokus sal voortgaan om die noodgevalle wat deur swak onderhoud en normale slytasie veroorsaak word, aan te pak. Die spanning van klimaatsverandering, insluitend ernstige weersomstandighede, sal die huidige agterstand in onderhoud vererger. Die DVOW gaan voort met evaluerings van alle regeringsfasilitete in sy portefeuje om beleggingsbesluite vir die toekoms te lei en gesikte planne te skeduleer om die bates in sy lewensiklus te maksimaliseer. Toepaslike belegging is van kritieke belang om die integriteit van die batebasis te beskerm en om ekonomiese en maatskaplike vooruitgang te verseker.

In die eiendomsvennootskapsomgewing het vordering met die Founders' Garden/Artscape-perseel gedurende die oorsigjaar voortgeduur, in ooreenstemming met die Better Living Model-metodologie.

By die Conradie BLMEP het die werk so goed gevorder dat die konstruksie van grootmaat- en interne dienste na verwagting in die vierde kwartaal van 2019 sal begin.

Wat die onroerende bateregister betref en om die portefeuiljebestuur te verbeter, sal die fokus voortgaan om die onroerende bateregister te rasionaliseer.

Om die doeltreffende benutting van onroerende bates te verseker, sal die Departement fokus op die voltooiing van die Meesterakkommodasieplan met 'n desentralisasiestrategie wat deur 'n Reisopname-projek gefasiliiteer word om die haalbaarheid van die voorsiening van kantoorverblyf nader aan personeel se woonplekke te bepaal om pendeltyd, verkeer en gepaardgaande koolstofvrystellings te verminder in diens van 'n beter lewensgehalte.

Strategiese uitkomsgoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Doelstellingverklaring:

Om deur vennootskappe veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels te lewer wat ekonomiese groei en maatskaplike konnektiwiteit in die Wes-Kaap ondersteun teen 31 Maart 2020.

Regverdiging:

Veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoer is van kritieke belang om 'n verbetering in alle modusse van vervoer (en in die infrastruktuur en stelsels wat hulle ondersteun) te verseker ten einde die voorgenome modale verskuwing vanaf private na openbare vervoer en die verskuwing van vrag vanaf pad na spoor in die Wes-Kaap te behaal.

Koppelings met PSD:

Provinciale strategiese doelwitte 1; 3 en 4.

Die implementering van die PSTP, wat 'n program is om geïdentifiseerde munisipaliteite te help met die ontwikkeling en implementering van plaaslike mobiliteitsplanne vir openbare vervoer en NGV, sal bydra tot die verbetering van volhoubare vervoer in munisipaliteite. Memorandum van ooreenkoms (MVOs) is met hierdie munisipaliteite gesluit, met die uiteensetting van verskillende vlakke van beplanningsondersteuning en gesamentlike programme vir inkrementele implementering oor 'n aantal jare.

Die DVOW bestuur en moniteer steeds 'n gesubsidieerde busoperator in die Kaapse Metropolitaanse-gebied en die verbandhoudende PTOG op 'n doeltreffende wyse tot tyd en wyl hierdie funksie aan Stad Kaapstad oorgedra word. Dit het ook voortgegaan met die implementering van verdere fases van die hoë kwaliteit-openbare vervoernetwerk ("GO GEORGE"/ GIPTN) in George, wat die lewensgehalte van die dorp se mense in vennootskap met die George-munisipaliteit en die nasionale Departement van Vervoer verbeter. Die implementering van Fases 4A en 4B van die "GO GEORGE"-diens is onderhewig aan die oplossing van sekere geskille wat tydens die proses na vore gekom het.

| | • Algemene infrastruktuur | 1 049 | 731 | 134 | 900 | 228 | (672) | Nuwe benadering wat gebruik word om evaluering op die toestand van geboue uit te voer, kyk na holisties 'n fasilitet om optimale benutting en doeltreffende instandhoudingsintervensies te verseker. As gevolg van die nuwe benadering, het die omvang van die projekte op alle beplande evaluering toegeneem om universele toeganklikheid, energiebesparende inisiatiewe, besigheidskontinuïteit in terme van die insameling van water, en die nakoming van die statutêre vereiste in te sluit. Dit het 'n negatiewe uitwerking op die beplande totale evaluering op die toestand van geboue gehad. |

Let wel: *Dui aan dat hierdie aanwyser kumulatief is (onderwys, gesondheid en algemeen); n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

'n Aantal strategieë word tans geïmplementeer om prestasie te verbeter:

- Verbeterde beplanning sal verseker dat toekomstige teikens soos beplan bereik word.
- Die prestasie van 20 (aanwyser 2.2.2) is slegs verteenwoordigend van huurkontrakte en sluit verkrygings (aankoop van kantoorverblyffasilitete) uit. Die goedkeuring van die huurkontrakte wat verkry is, sal nou versnel word met die doel om huurooreenkomste te sluit.
- Die Kabinet moet vooraf duidelike riglyne verskaf.
- Daar is met die UOWP samesprekings gevoer om die verkryging van inligting van kontrakteurs te verbeter en om die inligting wat van kontrakteurs ontvang is, op te neem.
- Daar is 'n behoefte om die boumetodologie weer te ondersoek en die behoefte aan werkskepping in die kontrak te beklemtoon.
- Beter opnames van geboue in die vroeë beplanningsfases word benodig.
- Daar moet stappe geneem word om te verseker dat veranderinge in die omvang van die kliëntedepartement tot die minimum beperk word.
- Agt en ses koopaktes is onderskeidelik vir onderwysfasilitete en gesondheidsfasilitete gesluit, maar eiendomme is nog nie oorgedra nie. Volmag sal voorsien word vir die konstruksie om voort te gaan waar nodig.
- Die voorbereiding van die Eiendomsdoeltreffendheidsverslag (PER) is reeds aan die gang en sal einde Oktober 2019 voltooi wees.
- Daar is veranderinge aangebring aan die manier waarop FCAs onderneem word. 'n Fasilitet word nou holisties beoordeel om die optimale benutting en die doeltreffendste onderhoudsingryppings te verseker.
- Eiendomsaangeleenthede moet voor die tender beslis word en konsepvoorleggings deur PSPs moet vooraf geverifieer word.
- Die beleid oor gemeenskapsdeelname moet verbeter word.
- Verbeterde projek- en kontrakbestuur is nodig.
- Verbeterde risiko-ontleding is nodig tydens die evaluering van die tender en voor die toekenning van die tender.
- Verbeterde jaarlikse strategiese beplanning en samewerking met die kliëntedepartement is nodig.
- Verbeterde programprestasies word in die vooruitsig gestel as gevolg van 'n werwingsprogram.
- Die UOWP Construction Innovation and Empowerment-eenheid bied kontrakteurontwikkelingsprogramme vir kleiner kontrakteurs aan. In die Graad R-subprogram sal die Departement in die toekoms raamwerkkontrakteurs aanstel om beter kontinuïteit te verseker wanneer kontrakteurs misluk.
- Akkuraatheid moet verbeter wanneer werk vir beplande teikens geskat word.
- Daar moet met UOWP geskakel word om die verkryging van inligting van kontrakteurs te verbeter en om die inligting wat ontvang is, op te neem.
- UOWP moet regstellende stappe doen om te verseker dat alle inligting betyds vasgelê word.
- Werk sal geskeduleer word om die minimum ontwigting te verseker (veral gedurende eksamentye).

- Toekennings vir kontrakteurs sal deur VKB verbeter word.
- Die Direktoraat: Algemene Infrastruktur het verskillende vergaderings met elke gebruikersafdeling gereel om hulp aan kliënte te verleen met die interpretasie en uitdrukking van kliëntebehoeftes in hul plante vir gebruiker onroerende batebestuursplante (U-AMPs) ten einde te verseker dat duidelike en presiese projekopdragte vir instandhoudingsvereistes voorsien word wanneer U-AMPs ingedien word. Verdere maatreëls is in ag geneem toe die FCAs uitgevoer is om die spesifieke behoeftes van gebruikersafdelings in te sluit.
- Verbeterde samewerking is nodig tydens beplanningsfases met kliëntedepartemente om ontydige begrotingsaanpassings en kansellasie van projekte te voorkom.
- Meer klem is geplaas op die projekleiers wat oor werksgeleenthede verslag doen, maar teikens is gestel op grond van die prestasie van die vorige boekjaar.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

Subprogrambesteding

Tabel 27: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Subprogrambesteding

| Subprogram | | 2018/19 | | | 2017/18 | | |
|---------------|------------------------|------------------------|--------------------------|-------------------------------|------------------------|--------------------------|-------------------------------|
| | | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor) / Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor) / Onder-besteding R'000 |
| 2.1 | Program-ondersteuning | 331 745 | 324 081 | 7 664 | 310 285 | 303 466 | 6 819 |
| 2.2 | Beplanning | 11 345 | 11 066 | 279 | 48 316 | 48 316 | - |
| 2.3 | Konstruksie | 299 709 | 299 360 | 349 | 295 495 | 289 812 | 5 683 |
| 2.4 | Instandhouding | 172 985 | 172 985 | - | 186 886 | 186 886 | - |
| 2.5 | IAM | 983 424 | 982 609 | 815 | 899 394 | 887 618 | 11 776 |
| 2.6 | Fasilitetsbedrywighede | 120 718 | 120 718 | - | 126 460 | 126 460 | - |
| Totaal | | 1 919 926 | 1 910 819 | 9 107 | 1 866 836 | 1 842 558 | 24 278 |

4.3 Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Doel

Die doel van die Program is om vervoerinfrastruktuur te lewer en in stand te hou wat volhoubaar, geïntegreer en omgewingsensitief is; maatskaplike bemagtiging en ekonomiese groei ondersteun en faciliteer; toeganklikheid bevorder; en die veilige en bekostigbare beweging van mense, goedere en dienste in die hand werk.

Subprogramme

- Programondersteunende infrastruktuur
- Infrastruktuurbepalning
- Infrastruktuuronderwerp
- Konstruksie
- Instandhouding

Strategiese doelwitte

- | | |
|-----|---|
| 3.1 | Om 'n infrastruktuur vir 'n padgebaseerde vervoernetwerk daar te stel deur paaie in stand te hou en te herstel. |
| 3.2 | Om ekonomiese groei en bemagtiging te ondersteun deur in padgebaseerde vervoerinfrastruktuur te belê. |

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.


Die bestuursplan vir toegang tot paaie (RAMP) 2019/20 – 2028/29, wat geplateerde pad bewaringsinligting oor die status van provinsiale paaie en die uitwerking van beplande en huidige belegging in paaie op toekomstige toestand van die netwerk inkorporeer, is gedurende die oorsigjaar afgehandel en gepubliseer.

Gebaseer op 2018 assesserings, van die totale 6 681 km geteerde padnetwerk is 6 045 km in 'n redelike tot baie goeie toestand. 'n Totaal van 92.4 persent van alle voertuigmilometers wat op geteerde paaie afgelê is, word afgelê op paaie wat in 'n redelike tot goeie toestand is. Oor die algemeen, het die opsigtelike toestand van geteerde paaie effens tussen 2016 en 2017 verbeter.


Van die bestuurde netwerk van grondpaaie is 6 551 km van 10 315 km in 'n redelike tot 'n goeie toestand. Slegs 5 persent van totale voertuigmilometers gereis in die Wes-Kaap word op die netwerk van grondpaaie afgelê. Die instandhouding van die grondpadnetwerk bly 'n uitdaging as gevolg van beperkte finansiële hulpbronne om die hele netwerk tot aanvaarbare standaarde in stand te hou, sowel as voortslepende probleme met die opsoring van goedgekeurde gruisgroewe. Beskikbare fondse word geprioritiseer vir besteding aan daardie paaie waar die meeste voertuigmilometers afgelê word.

Die opsigtelike toestand van die geassesseerde provinsiale padnetwerk oor 'n 10-jaar-tydperk word in die tabelle hierna aangetoon met 'n onderskeid tussen geteerde en ongeteerde paaie.

Tabel 28: Toestand van geteerde paaie in die Wes-Kaap



Tabel 29: Toestand van grondpaaie in die Wes-Kaap



Bron: Visual Condition Index/ Pavement Management System 2018

| Beskrywing van algemene toestand van paaie | |
|--|---|
| Baie goed | Baie min of geen defekte nie. Mate van defekte nie waarskuwend nie. |
| Goed | Min defekte. Mate van strukturele defekte meestal nie waarskuwend nie. |
| Redelik | 'n Paar defekte waarvan sommige as "selde erg" beskou word. Omvang slegs lokaal as omvang as "erg" beskou word. |
| Swak | Algemene voorkoms van veral strukturele defekte met waarskuwings wat tot op "erg" duif. |
| Baie swak | Baie defekte. Die mate van die meerderheid van strukturele defekte is erg en die omvang is grotendeels algemeen tot uitgebreid. |

Projekte wat ekonomiese groei bevorder sal voortgaan in hul verskillende stadiums van implementering. Padkonstruksie- en instandhoudingsbeleggingsprojekte sal deur voortdurend verbeterde batebestuurstelsels geïdentifiseer word. Die ontwikkeling van die Wes-Kaapse Vervoermodel wat deur die DVOW as 'n strategiese beplanningsinstrument vir padgebaseerde-belegging gebruik sal word, sal ook oor die mediumtermyn voortduur.

Die ontwikkeling van interne kapasiteit om die model te bestuur en insette van die WKG-wye strategiese beplanningsplatforms in te sluit, sal ook oor die mediumtermyn voortduur.

Die konsep Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur is aan wettige hersiening onderwerp en is herformuleer om kennis te neem van die ontvangde mening.

Die volgende sleutelprojekte het bygedra tot die tak om die voorgeskrewe diensleweringsdoelwitte te bereik:

| | |
|---------|--|
| C415.2 | Uitbreiding van MR559 van Hawedienstewisselaar tot MR238 naby Saldanha |
| C818 | Rehabilitasie van TR31/2 – Ashton/ Montagu |
| C820 | Rehabilitasie van MR287 van km 14.0 tot km 32 – Robertson/ Bonnievale |
| C821: | Rehabilitasie van TR23/3 – Porterville/ Piketberg |
| C918 | Rehabilitasie van TR33/3 – Oudtshoorn/ De Rust |
| C921: | Rehabilitasie van DR1050 – Annandaleweg |
| C1046 | Uitbreiding van die 3de baan op N1 wes van die Durbanweg-wisselaar tot by die NR0101 |
| C751.2 | Rehabilitasie van TR23/3 – Gouda – Kleinbergrivierbrug km 0.12 – km 12.5 |
| C975.1 | Uitbreiding van TR85/1 van TR77/1 tot TR21/2 (Greenfields link) |
| C822 | Rehabilitasie van MR344 en DR1578 by Glentana |
| C823.1 | Rehabilitasie van MR352 en MR355 en herseël van MR355 - Wilderness tot Hoogekraal |
| C1009.1 | Rehabilitasie van DR01111 tussen Kalbaskraal en Malmesbury |
| C984 | Herseël van MR191 en MR279 Villiersdorp en Grabouw |
| C989 | Rehabilitasie en meetkundige verbeterings op MR00332 tussen N2 en Stilbaai |

Nuwe sleutelprojekte wat in 2018/19 begin het, sluit in:

| | |
|---------|--|
| C1000.1 | Rehabilitasie van TR28/2 tussen Hermanus en Stanford |
| C1008.1 | Rehabilitasie van DR01688 van Calitzdorp tot Spa en opgradering van DR01699 |
| C1036 | Rehabilitasie van MR240 tussen Vredenburg en Paternoster |
| C1097 | Periodieke instandhouding op MR535 - Laaiplek tot Elandsbaai |
| C993.2 | Herseël van TR75/01 tussen Holgaten en Oudtshoorn |
| C1090.1 | Periodieke instandhouding op TR11/1 (N7) tussen Bosmansdam- and Potsdamwisselaar |
| C1090 | Periodieke instandhouding op TR11/1 (N7) tussen Potsdamwisselaar en Melkboswisselaar |
| C914.2 | Rehabilitasie van MR168 (Baden Powell) tussen N2 en Vlaebergpad |

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied:

Strategiese doelwitte

Tabel 30: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Strategiese doelwitte

| Nr. | Strategiese doelwitte/ Aanwysers | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|--|--|------------------------------------|---------------------------------|-------------------------------------|---|--|
| Subprogram 3.5: Instandhouding | | | | | | |
| 3.1 Om 'n infrastruktuur vir 'n padgebaseerde vervoernetwerk daar te stel deur paaie in stand te hou en te herstel. | | | | | | |
| 3.1.1 | Persentasie voertuigkilometers wat op geteerde paaie afgelê is wat in 'n redelike tot goeie toestand is. | 95 (17 089 908/ 18 306 322) | 90 | 92.4 (17 488 569/ 18 929 429) | 2.4 | Marginale oorprestasie. |
| Subprogram 3.4: Konstruksie en 3.5: Instandhouding | | | | | | |
| 3.2 Om ekonomiese groei en bemagtiging te ondersteun deur in padgebaseerde vervoer-infrastruktuur te belê. | | | | | | |
| 3.2.1 | Getal werkgeleenthede geskep. | 4 257 | 7 500 | 6 638 | (862) | Arbeidsvereistes / -intensiteit by projekte was minder as wat oorspronklik verwag is. 'n Groot persentasie kontrakte vir herseling is aangegaan wat baie minder arbeidsintensief is as ander soorte kontrakte. |

Prestasie-aanwysers

Tabel 31: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Prestasie-aanwysers

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplane teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplane teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|--------------------------|------------------------------|---|--|
| Subprogram 3.2: Infrastruktuurbepaling | | | | | | | | |
| 3.1.1.1 | Aantal kilometer geteerde paaie visueel geassesseer soos volgens die toepaslike TMH*-handleiding | 6 522 | 6 616 | 6 651 | 6 520 | 6 681 | 161 | Geringe oorprestasie - Die teiken is bepaal op die beskikbare data van die vorige jaar, maar die huidige data word noukeuriger dopgehou om die raming van die toekomstige jaar te verbeter. |
| 3.1.1.2 | Aantal kilometer grondpaaie visueel geassesseer soos per die toepaslike TMH*-handleiding | 10 419 | 10 366 | 10 339 | 10 360 | 10 315 | (45) | Geringe onderprestasie - Geen beheer oor aansoeke vir openbare en private grondeienaars vir die sluiting van paaie nie. Dit volg op 'n deproklamasieproses en is 'n funksie van openbare kommentaar en streeksaanvaarding. |
| 3.2.1.1 | Aantal werksgeleenthede geskep | n.v.t. | n.v.t. | 4 257 | 7 500 | 5 119 | (2 381) | Arbeidsvereistes / -intensiteit by projekte was minder as wat oorspronklik verwag is. 'n Groot persentasie kontrakte vir herseling is aangegaan wat baie minder arbeidsintensief is as ander soorte kontrakte. |
| 3.2.1.2 | Antal VTE'e geskep | n.v.t. | n.v.t. | 2 133 | 3 500 | 2 268 | (1 232) | |
| 3.2.1.3 | Aantal jeug in diens geneem (18 - 35) | n.v.t. | n.v.t. | 2 526 | 4 500 | 3 170 | (1 330) | |
| 3.2.1.4 | Aantal vroue in diens geneem | n.v.t. | n.v.t. | 1 206 | 2 000 | 1 512 | (488) | |
| 3.2.1.5 | Aantal mense met gestremdhede | n.v.t. | n.v.t. | 23 | 20 | 4 | (16) | |

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---------------------------------------|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| Subprogram 3.4: Konstruksie | | | | | | | | |
| 3.1.1.3 | Getal kilometers vanaf grondpaaie opgegradeer na teerpaaie | 59 | 58 | 22 | 5 | 20 | 15 | Distriksmunisipaliteite het 'n upgradering van grondpaaie gedoen in plaas van herbegruis. |
| 3.1.1.4 | Getal vierkante meter van teerpaaie gerehabiliteer | 344 308 | 559 848 | 915 772 | 610 950 | 560 019 | (50 931) | Die grootste deel van die 90 000 m ² Kalbaskraal-kontrak is reeds in 2017/18 voltooi. |
| 3.1.1.5 | Getal vierkante meter van teerpaaie herseël | 1 943 853 | 5 868 111 | 2 430 380 | 1 982 574 | 2 150 874 | 168 300 | Geringe oorprestasie. |
| 3.1.1.6 | Getal kilometers van grondpaaie herbegruis | 239 | 133 | 180 | 231 | 173 | (58) | Vanweë die algemene gebrek aan beskikbare materiaal vir hergrys, het distriksmunisipaliteite 'n upgradering van grondpaaie gedoen in plaas van herbegruis. |
| Subprogram 3.5: Instandhouding | | | | | | | | |
| 3.1.1.7 | Getal vierkante meter van teerpaaie gelas | 111 860 | 157 216 | 92 582 | 120 000 | 38 817 | (81 183) | Die las van teerpaaie is 'n reaktiewe instandhoudingsprosedure en vind plaas wanneer die behoefte ontstaan. Die droë winter van die afgelope jaar het die tempo van die vorming van die slaggate vertraag en die behoefte aan laswerk op teerpaaie het dramaties afgeneem. Beraamde teiken vir die las van teerpaaie is op histories hoë waardes gebaseer. |

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---------|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|-------------------------|
| 3.1.1.8 | Getal kilometer van grondpaaie geskraap | 49 549 | 48 323 | 45 997 | 46 000 | 45 494 | (506) | Geringe onderprestasie. |

Let wel: n.v.t. – Nie van toepassing nie, aangesien dit 'n nuwe aanwyser is

*TMH = Tegniese metodes vir hoofweë.

Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

'n Aantal strategieë word geïmplementeer om prestasie te verbeter:

- Maandelikse monitering van aanleg, hulpbronne en materiaal op die terrein: die DVOW het die kontrakteurs oor die pad vorentoe ingestel en die risiko-vermindering wat hulle implementeer om te verseker dat die projek voortgaan;
- Die DVOW het die kontrakvooraardes in pro-forma verander om sodoende die waterskaarste in die toekoms kontraktueel beter te hanteer en te verseker dat geen drinkbare water vir konstruksie gebruik word nie; en
- Die DVOW het kontrakdokumentasie gewysig om die kontraktuele verpligting van hoofkontrakteurs te verbeter om van plaaslike subkontrakteurs en verskaffers gebruik te maak, dat daar goeie ondernemings met subkontrakteurs en verskaffers van 'n kontrak is, asook om kontrakteurs aan te moedig om meer mense in diens te neem.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

Subprogrambesteding

Tabel 33: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Subprogrambesteding

| Subprogram | 2018/19 | | | 2017/18 | | |
|--|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
| | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 3.1 Programondersteunende infrastruktuur | 47 151 | 47 092 | 59 | 38 245 | 37 791 | 454 |
| 3.2 Infrastruktuurbepaling | 79 583 | 79 583 | - | 52 341 | 52 341 | - |
| 3.3 Infrastruktuuronterwerp | 236 824 | 235 547 | 1 277 | 216 221 | 214 213 | 2 008 |
| 3.4 Konstruksie | 1 604 601 | 1 604 384 | 217 | 1 710 930 | 1 704 416 | 6 514 |
| 3.5 Instandhouding | 1 560 976 | 1 560 049 | 927 | 1 421 210 | 1 420 620 | 590 |
| Totaal | 3 529 135 | 3 526 655 | 2 480 | 3 438 947 | 3 429 381 | 9 566 |

4.4 Program 4: Vervoerbedrywe

Doel

Die doel van hierdie program is om die voorsiening van geïntegreerde landvervoer dienste te beplan, te reguleer en te faciliteer deur koördinering en samewerking met nasionale beplanningsowerhede, munisipaliteite, gemeenskapsgebaseerde en nieregeringsorganisasies en die privaat sektor ten einde die mobiliteit van alle gemeenskappe te versterk en te faciliteer.

Subprogramme

- Programondersteunende bedrywe
- Openbarevervoerdienste
- Vervoerveiligheid en -nakoming
- Vervoerstelsels

Strategiese doelwitte

| | |
|-----|--|
| 4.1 | Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke. |
| 4.2 | Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbare vervoerveiligheid. |
| 4.3 | Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördinering met sleutelbelanghebbers deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag. |
| 4.4 | Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerdebelanghebbers deur institutionele veranderingsinisiatiewe. |

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die DVOW steeds die ontwikkeling van 'n geïntegreerde openbare vervoernetwerk vir George ondersteun deur die beplanning, implementering en bestuur van "GO GEORGE -busdienste te lei en die bedryfskoste van die diens te onderskryf.

Daar is aanvanklik in die 2018/19-oorsigjaar met munisipale beampies en verteenwoordigers van die minibustaxi-industrie (MBT) vergader om die konsep van 'n tegnologie-ingeskakelde transformasieproses vir MBTs, nuwe diensgeleenthede vir MBTs, en die hersiening van die MBT-sakemodel bekend te stel om die nakoming van die wet deur die operateurs aan te wakker. In die 2019/20-oorsigjaar sal daar met 'n aantal werkstrome voortgegaan word.

Twee NGV-projekte is in die oorsigjaar afgesluit:

- NGV-verslag vir inventaris en infrastruktuuropgraderingprioriteite vir Stellenbosch munisipaliteit; en

- Stellenbosch en Overstrand-munisipaliteit het steun ontvang vir die ontwerp en implementering van NGV-projekte wat die oprigting van sypaadjes en voetoorbane insluit.

Die DVOW het in Oktober 2018 'n nuwe vennootskapsooreenkoms met die Swartland Munisipaliteit aangegaan as die derde PSTP-munisipaliteit in die Wes-Kaap. Die Departement het steun verleen vir die ontwikkeling van 'n PSTP-fase 1-plan wat die oorkoepelende visie vir volhoubare vervoer in Swartland stel.

Fase 2 van die provinsiale fietsdistribusieprogram is voltooi. Die raamwerk wat uit Fase 1 te voorskyn gekom het, is tot 'n praktiese implementeringsplan en 'n kop aan kop-mobiliteitsprogram ontwikkel. Dit beskou die konteks van potensiële gebruikers, gee 'n uiteensetting van die benadering tot verspreiding en die komponente daarvan en sit 'n verspreidingsmetodologie uiteen wat finansiële en programmeringselemente insluit. Fase 3 wat in die 2019/20-oorsigjaar 'n aanvang neem, fokus op implementering.

Die DVOW het saam met PRASA en CoCT gewerk om 'n spoortoepassingseenheid (REU) te stig wat in Oktober 2018 begin het. Die eenheid het sedertdien aan 133 gesamentlike operasies deelgeneem, 66 arrestasies gemaak en honderde meter kabels, gevaelike wapens en ander voorwerpe gekonfiskeer in die loop van 11 041 soektogte wat teen die einde van die oorsigjaar gedoen is. Die DVOW sal voortgaan om die REU in die 2019/20-oorsigjaar te ondersteun om die veiligheid van treinpassasiers en die beskerming van spoorbates te verbeter.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die DVOW die verspreiding van 170 fietse in die Sentrale Karoo-distrik ondersteun as deel van die nasionale regering se Shova Kulula-program.

Om bestaande databasisse inlyn te bring en te integreer ten einde bedryfsintelligenste en dienslewering te verbeter, het die DVOW die Integrated Intelligence Hub opgerig wat 'n magdom vervoerverwante data saamstel as deel van die E-Vision / Digital Strategie vir Vervoer.

Die provinsiale vraagstrategie is in September 2018 deur die provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke goedgekeur en is amptelik in Februarie 2019 van stapel gestuur. Belanghebbendes van die nasionale en provinsiale regering, die verteenwoordigers van die industrie, insluitend vraagverskaffers, navorsings- en akademiese instellings, en die nie-winsgewende sektor, was by die bekendstelling aanwesig. Die strategie is in oorleg met die nasionale, provinsiale en plaaslike beleidmakers ontwikkel om die toepaslike dele van die NLTA te help uitvoer. Die strategie word deur die vraag-implementeringsprogram ondersteun wat die aksies beskryf wat nodig is om die strategie se doelwitte te bereik. Implementering van fase 1-aksies, en verfyning van die implementeringsprogram vir fase 2-aksies, is gedurende 2018/19 onderneem.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

Strategiese doelwitte

Tabel 34: Program 4: Vervoerbedrywe: Strategiese doelwitte

| Nr. | Strategiese doelwitte / Aanwysers | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---|---|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|---|
| Subprogram 4.2: Openbare vervoerdienste | | | | | | |
| 4.1 | Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke. | | | | | |
| 4.1.2 | Getal gesubsidieerde kilometers bedryf ooreenkomsdig goedgekeurde rooster. | 37 361 592 | 36 523 179 | 36 791 412 | 268 233 | Die kilometertempo om die teiken te bepaal, is eers volgens die kontraktuele ooreenkoms ná die finalisering van die JPP afgehandel, wat daartoe gelei het dat die beplande teiken onderskat is. |
| Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming | | | | | | |
| 4.2 | Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbare vervoerveiligheid. | | | | | |
| 4.2.1 | Getal implementeringsprogramme vir openbare vervoerveiligheid geïmplementeer. | n.v.t. | 0 | 0 | 0 | - |
| Subprogram 4.4: Vervoerstelsels | | | | | | |
| 4.1 | Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke. | | | | | |
| 4.3 | Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördinering met sleutelbelanghebbers deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag. | | | | | |
| 4.4 | Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerdebelanghebbers deur institusionele veranderingsinisiatiewe. | | | | | |
| 4.1.1 | Getal ingrypings ondersteun om mobiliteit en toegang te versterk. | 2 | 2 | 2 | 0 | - |

| Nr. | Strategiese doelwitte / Aanwysers | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplane teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|-------|---|------------------------------|--------------------------|------------------------------|---|-------------------------|
| 4.3.1 | Getal implementeringsprogramme vir spoor en vrag ontwikkel. | n.v.t. | 0 | 0 | 0 | - |
| 4.4.1 | Getal institusionele veranderingsinisiatiewe. | 1 | 1 | 1 | 0 | - |

Prestasie-aanwysers

Tabel 35: Program 4: Vervoerbedrywe: Prestasie-aanwysers

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|--|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|---|
| Subprogram 4.2: Openbare vervoerdienste | | | | | | | | |
| 4.1.2.1 | Getal roetes gesubsidieer | 2 462 | 2 520 | 2 547 | 2 570 | 2 582 | 12 | Die toename in die vraag na die diens asook roete veranderinge het gelei tot die skep van bykomende roetes om die vraag na die diens te akkommodeer. |
| 4.1.2.2 | Getal kilometers gesubsidieer | 37 495 646 | 38 315 171 | 37 361 592 | 36 523 179 | 36 791 412 | 268 233 | Die kilometerkoer om die teiken te bepaal, is volgens die kontraktuele ooreenkoms ná die finalisering van die JPP afgehandel, wat daartoe gelei het dat die beplande teiken onderskat is. |
| 4.1.2.3 | Getal ritte gesubsidieer | 1 360 113 | 1 422 856 | 1 351 421 | 1 408 045 | 1 312 790 | (95 255) | Die afwyking hou verband met die staking van die busbestuurders wat in die eerste kwartaal van die oorsigjaar plaasgevind het. |
| 4.2.1.3 | Getal padveiligheids-inisiatiewe geïmplementeer | n.v.t. | n.v.t. | n.v.t. | 1 | 0 | (1) | Besluit op takvlak is geneem dat die veiligheidsimplementeringsplan die basis van die distrikse veiligheidsplan sal vorm wat tans besig is om in werking te stel. |

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| 4.2.1.4 | Getal bewusmakingsveldtogte vir padveiligheid uitgevoer | 13 | 19 | 12 | 12 | 13 | 1 | Die tak het 'n geïntegreerde benadering aangepak om die gewenste uitkomste van die ontwikkelde tegnologie te toets. Bykomende personeel van die hele Hoofdirektoraat is in diens geneem. |
| Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming | | | | | | | | |
| Subprogram 4.4: Vervoerstelsels | | | | | | | | |
| 4.1.1.1 | Getal gedetailleerde inkrementele vervoerplanne ontwikkel | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | - |
| 4.1.1.2 | Getal PSTP-projekte geïnisieer | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | - |
| 4.3.1.1 | Getal vragingrypings geïnisieer | n.v.t. | n.v.t. | n.v.t. | 1 | 1 | 0 | - |
| 4.3.1.2 | Getal spooringrypings ondersteun | n.v.t. | n.v.t. | n.v.t. | 1 | 1 | 0 | - |
| 4.4.1.1 | Getal institutionele veranderingsingrypings | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | - |

Let wel: * Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.3 Bedryfslisensies en -permitte gerapporteer.

* Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.4 Wetstoepassing gerapporteer

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

'n Aantal strategieë word geïmplementeer om prestasie te verbeter:

- Die reise, roetes en kilometers word beperk; daarom sal dit nie die ooreengekome bedrae volgens klousule 12 van die tussentydse kontrak oorskry nie.
- 'n Doelwitbenadering tot projekprestasie sal ontwikkel word om meer in ooreenstemming met die teiken te wees en geïmplementeer te word.
- 'n Behoefteaanvalsalise sal uitgevoer word voordat veiligheidsinisiatiwe in die distrikseveiligheidsplan opgeneem word.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

Subprogrambesteding

Tabel 36: Program 4: Vervoerbedrywe: Subprogrambesteding

| Subprogram | | 2018/19 | | | 2017/18 | | |
|---------------|---------------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|
| | | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onderbesteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onderbesteding R'000 |
| 4.1 | Programondersteunende bedrywe | 2 922 | 2 922 | - | 2 747 | 2 679 | 68 |
| 4.2 | Openbare-vervoerdienste | 1 161 628 | 1 161 627 | 1 | 1 110 888 | 1 110 885 | 3 |
| 4.3 | Vervoer-veiligheid en -nakoming | 24 327 | 24 327 | - | 5 254 | 4 917 | 337 |
| 4.4 | Vervoerstelsels | 136 212 | 136 211 | 1 | 93 182 | 93 115 | 67 |
| Totaal | | 1 325 089 | 1 325 087 | 2 | 1 212 071 | 1 211 596 | 475 |

4.5 Program 5: Vervoerregulering

Doel

Die doel van hierdie program is om die vervoeromgewing te reguleer deur die registrasie en lisensiëring van voertuie, verenigings, operateurs en bestuurders; om veiligheid te bevorder deur verkeerswetstoepassingsdienste; padveiligheidsopvoeding, -kommunikasie en -bewusmaking sowel as die bedryf van weegbrûe te fasiliteer; en om opleiding te verskaf aan verkeerspolisiëring- en ander wetstoepassingsamptenare.

Subprogramme

- Programondersteunende regulering
- Vervoeradministrasie en -lisensiëring
- Operateurlisensies en -permitte
- Wetstoepassing

Strategiese doelwitte

| | |
|-----|--|
| 5.1 | Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing. |
| 5.2 | Verbeter padvervoerveiligheid. |
| 5.3 | Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuurdiens. |

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Om die omvang van die beperkte hulpbronne wat in die program beskikbaar is te verbeter en uit te brei om dienslewering en die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter, is die besluit geneem om in tegnologie en ander vernuwende inisiatiewe te belê. Die samewerking tussen die nasionale vervolgingsgesag en DVOW het die herinstelling van EBAT by die Alcohol Evidentiary Centre by die Vangate Shared Service Centre in Athlone, en in George, vergemaklik.

Die herinstelling van EBAT het wetstoepassers in staat gestel om meer effektief geregtelike stappe teen verdagtes en oortreders te neem. Voorheen was daar langdurige wagtydperke by hospitale om bloed te trek, en dan moes die bloed na patologiese laboratoriums gestuur word waar lang vertragings in die prosessering was.

Die NVG het aan die einde van die oorsigjaar hul goedkeuring verleen vir die instelling van "mobile evidentiary breath testing units" in die Overberg-, Weskus-, Kaapse Wynlande- en Kaapse Metropolitaanse Munisipaliteite. RBT wat deur mobiele EBAT-toetsvoertuie ondersteun word, verhoog die waarskynlikheid dat bestuurders wat onder die invloed bestuur, gevang sal word. Die vermeende oortreders kan onmiddellik getoets word, en verkeersbeamptes hoef nie 'n operasionele terrein te verlaat om 'n toets te doen nie.

Die hou van 'n algemene jaarvergadering is 'n voorvereiste vir die deelname van 'n taxivereniging aan plaaslike en provinsiale verkiesings vir die taxiraad. Die kantoor van die Provinsiale Vervoerregister is in die oorsigjaar besig gehou met toesig oor die verkiesing van minibustaxi-verenigings.

Die Provinsiale Regulerende Entiteit het sy aandag gevestig op die verbetering van sy stelsels en die vaartbelyning van bedryfsprosedures om die dienslewering aan kliënte te verbeter en om te verseker dat die nodige bedryfslisensies aan alle wettige openbare vervoeroperateurs uitgereik word.

Die QME-komponent het tot die implementering van distrikseveiligheidsplanne bygedra en het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van lograme as deel van die evaluering van die implementering en impak van DSPs. Deur monitering en evaluering van verkeerswetstoepassingsaktiwiteite, het QME bygedra tot beter handhawingsbeplanning en -implementering.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

Strategiese doelwitte

Tabel 37: Program 5: Vervoerregulering: Strategiese doelwitte

| Nr. | Strategiese doelwitte / Aanwysers | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|--|--|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|--|
| Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en -lisensiëring | | | | | | |
| 5.1 Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing. | | | | | | |
| 5.1.1 | Getal staatsbestuuringrypings geïmplementeer. | 2 | 2 | 5 | 3 | Program 5 het die teiken van 2 staatsbestuuringryping oortref vanweé die vraag na 'n opleidingsingryping om die vervoerreguleringsomgewing op provinsiale en munisipale vlak gedurende die oorsigjaar te verbeter. |
| Subprogram 5.4: Wetstoepassing | | | | | | |
| 5.2 Verbeter padvervoerveiligheid | | | | | | |
| 5.2.1 | Getal padongeluksterfes per 100 000 populasie. | 21 | 20 | 20 | 0 | - |
| 5.3 Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuurdiens | | | | | | |
| 5.3.1 | Getal verkeerswetstoepassingoperasies geïmplementeer. | 9 331 | 7 500 | 7 500 | 0 | - |
| 5.3.2 | Getal opvoeding- en bewusmakingsingrypings gefasiliteer. | 764 | 560 | 753 | 193 | Oorprestasie as gevolg van vennootskappe gesmee met belanghebbendes en bykomende kapasiteit vir verkeersveiligheid by die direktoraat. |

Prestasie-aanwysers

Tabel 31: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Deviation from planned target for 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|--|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|---|
| Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en -lisensiëring | | | | | | | | |
| 5.1.1.1 | Getal nakkomings-inspeksies uitgevoer. | 390 | 390 | 383 | 390 | 391 | 1 | Een audit te veel is uitgevoer as gevolg van die verkeerde interpretasie van die teiken wat deur die drie komponente wat tot hierdie doelwit bydra, bereik is. |
| Subprogram 5.3: Bedryfslisensies en -permitte | | | | | | | | |
| 5.1.1.2 | Getal verhore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou. | 111 | 113 | 139 | 144 | 135 | (9) | Oor die feestyd word min verhore gehou omdat die meeste Wes-Kaapse operateurs na die Oos-Kaap terugkeer of by langafstand-aktiwiteite betrokke is. Regsfirmas sluit ook. Hulle is dus nie vir verhore beskikbaar nie. |
| 5.1.1.3 | Getal taxiverenigings wat AJVs gehou het. | 98 | 105 | 105 | 126 | 150 | 24 | Vanweë die feestyd reël taxiverenigings hul onderskeie AJVs om in Maart 2019 plaas te vind, om te verseker dat hulle aan die minimum standaardwetgewing voldoen. |

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Deviation from planned target for 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---------------------------------------|-------------------------------------|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|---|
| Subprogram 5.4: Wetstoepassing | | | | | | | | |
| 5.3.1.1 | Getal spoed-bedrywighede uitgevoer. | 3 085 | 4 708 | 4 854 | 5 000 | 6 295 | 1 295 | Stelsels is opgegradeer om die doeltreffendheid van alle beskikbare tegnologie en die verspreiding van gekoppelde handtoestelle te verbeter. Data wat van die ITIH verkry is, het meer gedetailleerde taktiese beplanning moontlik gemaak, wat bygedra het tot die oorprestasie van hierdie prestasie-aanwyser. |
| 5.2.1.1 | Getal voertuie geweeg. | 668 101 | 591 064 | 620 212 | 644 052 | 653 584 | 9 532 | Geringe oorprestasie van 1 persent. |
| 5.3.1.2 | Getal operasies teen dronkbestuur. | 1 421 | 2 467 | 3 007 | 5 000 | 6 683 | 1 683 | Stelsels is opgegradeer om die doeltreffendheid van alle beskikbare tegnologie en die verspreiding van gekoppelde handtoestelle te verbeter. Data wat van die ITIH verkry is, het meer gedetailleerde taktiese beplanning moontlik gemaak, wat bygedra het tot die oorprestasie van hierdie prestasie-aanwyser. |

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Deviation from planned target for 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---------|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|---|
| 5.2.1.2 | Getal voertuie afgetrek en nagegaan. | 1 170 701 | 1 128 873 | 1 112 071 | 1 200 000 | 1 534 086 | 334 086 | Stelsels is opgegradeer om die doeltreffendheid van alle beskikbare tegnologie en die verspreiding van gekoppelde handtoestelle te verbeter. Data wat van die ITIH verkry is, het meer gedetailleerde taktiese beplanning moontlik gemaak, wat bygedra het tot die oorprestasie van hierdie prestasie-aanwyser. |
| 5.2.1.3 | Getal padveiligheidsbewusmakings-programme. | 384 | 562 | 574 | 440 | 578 | 138 | Bykomende menslike hulpbronvermoë en vennootskappe met belanghebbendes het die teiken oorskry. |
| 5.2.1.4 | Getal skole betrek by padveiligheid-opvoedingsprogramme. | 281 | 361 | 423 | 345 | 426 | 81 | Bykomende menslike hulpbronvermoë en vennootskappe met belanghebbendes het die teiken oorskry. |
| 5.3.2.1 | Persentasie studente wat verkeersopleiding voltooi. | (94%) 149 | 98% 154 | 96% 150 | 92% 130 | 95% 156 | 3% 26 | Daar is twee EDL-opleidingsingryppings by die beplande programme gevoeg, en meer leerders as wat verwag is, het vir die EOV-kursus ingeskryf. |

Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat voldoende beheermaatreëls en strategieë in werking gestel is om te verseker dat daar aan die gestelde standaarde vir dienslewering voldoen word.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

Subprogrambesteding

Tabel 32: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding

| Subprogram | 2018/19 | | | 2017/18 | | |
|---|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
| | Finale begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 5.1 Programondersteunende regulering | 6 220 | 6 217 | 3 | 7 315 | 6 765 | 550 |
| 5.2 Vervoeradministrasie en -lisensiëring | 404 016 | 404 014 | 2 | 384 541 | 379 989 | 4 552 |
| 5.3 Operateurs-lisensies en -permitte | 71 183 | 71 090 | 93 | 63 400 | 62 203 | 1 197 |
| 5.4 Wetstoepassing | 361 215 | 359 728 | 1 487 | 346 656 | 345 471 | 1 185 |
| Totaal | 842 634 | 841 049 | 1 585 | 801 912 | 794 428 | 7 484 |

4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme

Doel

Die doel van hierdie program is om die implementering van programme en strategieë te bestuur wat aanleiding sal gee tot die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe en kontrakteurs, met inbegrip van die provinsiale bestuur en koördinering van die UOWP.

Subprogramme

- Programondersteuning vir gemeenskapgebaseerde projekte
- Innovasie en bemagtiging
- Koördinasie en nakomingsmonitering

Strategiese doelwitte

- | | |
|-----|---|
| 6.1 | Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsingrypings. |
| 6.2 | Fasiliteer provinsiale koördinering en monitering van UOWP-aktiwiteit tussen alle implementerende liggeme. |

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap. Dit word bereik deur drie vername gebiede van aktiwiteit.

- Koördinering van die UOWP in die Wes-Kaap: Om te verseker dat die UOWP se doelwitte en teikens bereik is, is 12 institusionele forums as platforms vir monitering en verslagdoening gehandhaaf. Dit het die tegniese ondersteuning wat aan 40 provinsiale openbare liggeme verskaf is, ingelig.
- Fasilitering van programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel: Hierby ingesluit is vaardigheid- en sake-opleiding, inligtingsessies, grondslagfaseopleiding, gevorderde opleiding en mentorskapprogramme en EmPLA's vir kontrakte vir meer as R5 miljoen.
- Die aanbieding van konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede, insluitend konstruksieverwante ambag- en vaardigheidsontwikkeling as deel van die NJD-program.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

Strategiese doelwitte

Tabel 40: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte

| Nr. | Strategiese doelwitte / Aanwysers | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplande teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---|--|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|-------------------------|
| Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging | | | | | | |
| 6.1 | Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsintervensies. | | | | | |
| 6.1.1 | Getal bemagtigingsprogramme in die konstruksiebedryf volgehou. | 3 | 3 | 3 | 0 | - |
| Subprogram 6.4: Provinciale koördinering en nakomingsmonitering van UOWP | | | | | | |
| 6.2 | Fasiliteer provinciale koördinering en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggeme. | | | | | |
| 6.2.1 | Getal provinciale UOWP-forums gehandhaaf. | 12 | 12 | 12 | 0 | - |

Prestasie-aanwysers

Tabel 41: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers

| Nr. | Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Werklike prestasie 2017/2018 | Beplane teiken 2018/2019 | Werklike prestasie 2018/2019 | Afwyking van beplane teiken vir 2018/2019 | Opmerking oor afwykings |
|---|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|--------------------------|------------------------------|---|-------------------------|
| Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging | | | | | | | | |
| 6.1.1.1 | Getal intervensies vir bemagtiging van begünstigdes. | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 0 | - |
| Subprogram 6.4: Provinciale koördinering en nakomingsmonitering van UOWP | | | | | | | | |
| Nasionale aanwysers | | | | | | | | |
| 6.2.1.1 | Getal openbare instansies in die provinsie wat UOWP-teikens rapporteer*. | 40 | 40 | 40 | 40 | 40 | 0 | - |
| 6.2.1.2 | Getal intervensies geïmplementeer om openbare liggeme te ondersteun in die skep van geteikende aantal werksgeleenthede in die provinsie. | 88 | 81 | 80 | 80 | 80 | 0 | - |

Let wel: *: Die volgende aanwyser: Getal werksgeleenthede in die UOWP-verslagstelsel deur openbare liggeme aangeteken wat met die goedgekeurde UOWP Stadium III Besigheidsplan teikens in lyn is" is uit die JPP 2018/19 gelaat aangesien dit nie 'n goedgekeurde Nasionale Aangepaste Prestasie-aanwyser (CPI) is volgens die goedgekeurde lys van 21 Julie 2017 nie. Verder is die DVOW as provinciale koördineerder van die UOWP afhanklik van die gegewens wat deur verskillende verslaggewers in die UOWP-verslagstelsel vasgelê is.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevreden dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandarde behaal kon word.

Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

Subprogrambesteding

Tabel 42: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding

| Subprogram se naam | 2018/19 | | | 2017/18 | | |
|---|------------------------|--------------------------|------------------------------|------------------------|--------------------------|------------------------------|
| | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder -besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder -besteding R'000 |
| 6.1 Program-ondersteunings-gemeenskap | 2 150 | 2 147 | 3 | 1 872 | 1 829 | 43 |
| 6.2 Innovasie en bemagtiging | 37 976 | 37 976 | - | 36 610 | 35 945 | 665 |
| 6.3 UOWP-koördinering en -nakomingsmonitering | 15 752 | 15 752 | - | 15 359 | 15 130 | 229 |
| Totaal | 55 878 | 55 875 | 3 | 53 841 | 52 904 | 937 |

Let wel: *Subprogram 6.2: Gemeenskapsontwikkeling soos per die nasionale tesourie se uniforme begroting en programstruktuur word nie gebruik nie aangesien dit nie deel van die DVOW se mandaat is nie.

5 Oordragbetalings

5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Geen oordragbetalings is aan openbare entiteite gemaak nie.

5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite

Die tabelle hieronder weerspieël die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2018 tot 31 Maart 2019 per program gemaak is.

Program 1: Administrasie

Tabel 43: Program 1: Oordragbetalings

